

MATIELAND

Two Centres of Excellence
for Stellenbosch

Koor wen
wêreldgoud!

Vroue in navorsing -
uitdaging vir US



Hamba kahle, Oom Bey





Voorblad: Die US-koor en dirigent André van der Merwe, kom triomfantlik op die Kaapstad Internasionale Lughawe aan nadat die koor hul kategorie by die Koor-Olimpiade in Duitsland gewen het (kyk berig op bl 14)

Foto: *Die Burger*



Die Universiteit se oudstudee en donateurs ontvang *Matieland* gratis

Redakteur: Martin Viljoen (waarnemend)
Redaksiekantoor:
Bemarking en Kommunikasie,
Privaatsak X1 *Matieland*, 7602,
tel. (021) 808 4921, faks (021) 808 3800,
e-pos media@sun.ac.za



Sirkulasie:
Malena Fourie, Stellenbosch Stigting
Privaatsak X1, *Matieland*, 7602
Tel. (021) 808 4843, faks (021) 808 3026
e-pos: alumni@sun.ac.za



Gepubliseer sedert 1957
Jaargang 47 02: 2004
ISSN 0025 5947

Voorbladontwerp en uitleg:
Ilse Roelofse en Soretha Botha
Universiteit Stellenbosch Drukkery
Druk: Universiteit Stellenbosch Drukkery
e-pos: usprint@sun.ac.za



Front cover: The University Choir and conductor André van der Merwe's triumphant arrival at Cape Town International Airport after winning their category at the Choir Olympiad in Germany (see article on pg 14)
Photo: *Die Burger*



Matieland is mailed free of charge to the University's alumni and donors

Editor: Martin Viljoen (acting)
Editorial Office:
Marketing and Communication,
Private Bag X1, *Matieland*, 7602,
tel (021) 808 4921, fax (021) 808 3800,
e-mail media@sun.ac.za



Circulation:
Malena Fourie, Stellenbosch Foundation
Private Bag X1, *Matieland*, 7602
Tel (021) 808 4843, Fax: (021) 808 3026
e-mail: alumni@sun.ac.za
Published since 1957
Year 47 02:2004
ISSN 0025 5947



Cover design and Layout:
Ilse Roelofse and Soretha Botha
Stellenbosch University Printers
Printing: Stellenbosch University Printers
e-mail: usprint@sun.ac.za

Hoofartikel	3
Briewe / Letters	4
Kortnuus / News Briefs	5
Hamba kahle, Oom Bey	6

UITNEMENDHEID / EXCELLENCE

Two Centres of Excellence for Stellenbosch	8
Taking charge of TB	8
Waging war on hitchhiking plants	9
Maties se blink jong sterre	10
Snippets / Brokkies	11
Vroue in navorsing	13
Iets anders (US Koor)	14
Nuwe inisiatiewe hou verpleegkunde aan die voorpunt van gesondheidsorg	16
Kantoor in Londen geopen	17
Sentrum kry R28m	17

WETENSKAPLIKHEID / SCHOLARSHIP

Trends in business education: What is changing?	18
After MBA, what next?	19
Mylpaal 40, USB kyk padlangs terug	19
Partnerships through Polymers	20
Blink klippies vir Afrika	21
Two damselflies brought back from 'extinction'	22
Fakulteit Landbou- en Bosbouwetenskappe is vooruitstrewende leier	23
60 jaar oud, maar Ingenieurswese maak nie reg vir aftree	24
Visuele Kunste kry besitreg op sierlike, ou gebou	25

SPESIALE FOKUS / SPECIAL FOCUS

Maties was Paralimpiese Span se geheime wapen	26
Formidabele kampioen vir gestremdes	27

ROLSPELING / ROLE-PLAYING

MGD het 'rimpels gemaak' in afgelope vier dekades	28
Rolspeeling sigbaar in rekenaarsentrum vir plaaslike gemeenskap	29
Stellenbosse internasionale kamermusiekfees 'n dawerende sukses	30
Opening van Stellenbosch Biokinetikasentrum by Sportwetenskappe	31
Young scientist at Nobel Prize Award	31

SPORT

Uitsonderlike sport-eer vir drie US werknemers	32
Vyf Springbokke het bande met Maties	32

ALLERLEI / MISCELLANEOUS

Woordfees: meer as 'n fees	33
Twee US publikasies wen Unitech toekennings	33
Veeltaligheid en dekade-van-demokrasie sing-sing gevier	34
Oudmatie Veldryklub besoek Europa	35
Suid-Afrika in 'n bottel	36
Die Voëlvry Protesbeweging en die Universiteit van Stellenbosch	37
In memoriam	38
<i>Die laaste sê</i>	40

Menings uitgespreek in Matieland is nie noodwendig dié van die redakteur of die Universiteit Stellenbosch nie.

Viewpoints expressed in Matieland are not necessarily that of the editor or Stellenbosch University.



SPESIAAL VIR OUD-MATIES

Teken in op

Wegbreek

JOU REIS BEGIN HIER



bespaar
30%!

**6 uitgawes
vir slegs R80**

SPESIAAL VIR
OUD-MATIES, DONATEURS
EN PERSONEEL VAN DIE US

Wees nou al
slim se baas
en teken jou
knorpot in op
Wegbreek.


Dis mos nou 'n krismisboks!

OM IN TE TEKEN OP WEGBREEK IS MAKLIK

JA!

-  bel 086 010 3662
-  sê jy's deel van die *Matieland*-intekenaarbod
-  kwoeteer jou verwysingsnommer
(die nommer op die eersydskakel van die Invoerblad in *Matieland* is jou gepos 10)

Wat lê agter Maties se sukses?



Teen die tyd dat hierdie *Matieland* sy bestemming bereik, is die akademiese jaar vir 2004 reeds verby. Dit is die ideale geleentheid om terug te kyk op 'n jaar wat in vele opsigte sy merk in die anale van hierdie Universiteit gelaat het.

Dit sou seker nie oordrewe wees nie om 2004 te beskryf as 'n voortrefflike akademiese jaar. Die US het in lyn met sy verklaarde fokusareas uitnemend presteer en hom as doelgerigte navorsingsinstansie opnuut bewys.

Die indrukwekkende lys toekennings wat ons akademië vanjaar behaal het, is 'n bewys daarvan en heelparty word in hierdie uitgawe gereflekteer. Ek kan onmoontlik in hierdie beperkte ruimte reg laat geskied aan die besondere bydrae wat ons personeel en studente in die afgelope jaar tot die die bou van 'n beter Suid-Afrika gemaak het, maar dit is beduidend. Ons visiestelling van "aktiewe rolspeling" is besig om 'n realiteit te word.

Vir my is dit belangriker om te vra wat lê agter al die innoverende werk en die deurbrake wat vanjaar ons Universiteit se naam hoog gehou het? 'n Mens sou seker vanuit 'n filosofiese oogpunt allerlei redes kon voorhou as die redes vir ons sukses. Myns insiens rus dit op drie stewige pilare: die kundigheid en toewyding van ons personeel en die wengees van ons studente.

Niemand kan dit betwyfel nie dat die US oor die voorste kundigheid en navorsers in die land beskik. 'n Mens hoef weereens net deur hierdie uitgawe te blaai om 'n indruk daarvan te kry. En die koerante het wyd berig daaroor: *'Maties take the lead in TB research', Twee nuwe Sentra van Uitnemendheid aan US, Maties se kraakbeen-deurbraak gee dogtertjie nuwe hoop...* en so gaan die lys aan.

Voeg hierby die strategiese vennootskappe met die industrie (nasionaal en internasionaal) waar ons navorsers doelgerig werk aan die soeke na oplossings om wesenlike probleme in ons samelewing aan te spreek en jy kry 'n idee van die aansien wat ons personeel ver buite ons landsgrense geniet.

Die ander faset is ons mense se toewyding. Vanjaar was een van daardie jare wat besondere lojaliteit en toewyding gevra het, want by al ons personeel se verantwoordelikhede moes hulle ekstra tyd inruim vir projekte onder die oorhoofse Sakeplan van die Universiteit.

Nie alleen moes hulle die snoeiskêr op talle terreine inlê nie (gegewe die finansiële wurggreep waarin ons tans verkeer), maar hulle moes

innoverende maniere vind om meer te doen met minder hulpbronne tot hul beskikking. Hulle het hierdie brandnetel kaalhand gevat en idees op die tafel geplaas wat enige universiteit tot eer sal strek.

Baie van die projekte is nog maar aan die begin-stadia en vra dikwels harde besluite ter wille van die korrekte toekomstige posisionering van die US. Ek het geen twyfel nie dat ons mense die regte keuses sal maak en die gepaste modelle op die tafel sal plaas om die kernbehoefes van die Universiteit aan te spreek.

Die ander belangrike onderbou van ons sukses, is die wengees van ons studente. Dit het ek reeds aan die begin van vanjaar op tasbare manier ondervind by die bekendstelling van die ontvangers van die Rektor se Uitsyngtoekennings. Dit word toegeken aan studente wat onder moeilike omstandighede uitstekend presteer het.

Die verhale agter die akademiese sukses van studente soos Noel Jacobs, Elize Julius en Tamara Postma (waaroor in 'n vorige uitgawe van *Matieland* berig is) is nie alleen aangrypend nie, maar dit is tekenend van die onklusbare wengees van ons studente. Dit is ook nie net beperk tot die akademie nie. Ook op die sportveld en op ander terreine in die breër gemeenskap waar ons studente diens lewer, kom dieselfde boodskap telkens terug: Stellenbosch se studente kan kers vashou met die beste ter wêreld.

Ons Maties Sewesrugbyspan se skitterende oorwinning in die grootste rugbygeleentheid op die Skotse sportkalender is 'n bewys hiervan. Trotse Skotte het hierdie wengees onmiddellik raakgesien en almal was dit eens: Die Maties het reeds die toernooi gewen toe hulle in die eindstryd op die veld gestap het. Dat hulle nie die gunsteling was nie en die oormag van die fanatiese Skotse toeskouers moes trotseer, het hulle nie in die minste van stryk gebring nie. Hulle het deurgaans soos die wenners op die veld gelyk en na 'n taai eindstryd die beker gelig.

En so was dit weer met ons Universiteitskoor by die Internasionale Koor Olimpiade in Bremen. Hulle het die naam Universiteit Stellenbosch dwardeer die internasionale kultuurgemeenskap laat weerklank. Daarom pronk hulle op die voorblad van hierdie *Matieland*. Hulle het ons harte breëbors laat swel.

Aan al ons personeel en studente: baie dankie. Julle maak die US 'n wen-universiteit. Baie dankie ook aan talle Oudmaties vir lojale ondersteuning.

Chris Brink
Rektor en Visekanselier

briewe

Skrywer Anna M Louw

Mariana Jooste, Orania, skryf:

Dit was vir my amper ongelooflik dat niemand op u redaksie besef het dat Bassel die getroude van was van die merkwaardige skrywer Anna M Louw (In memoriam *Matieland* 2004:1) nie.

Ek hoop en vertrou dat u in u volgende uitgawe 'n paragraaf of meer sal afstaan aan die nagedagtenis van Anna M Louw.

Sy verdien erkenning nie net vir haar soepel Afrikaans en haar skryfstyl nie, maar ook veral vir haar baie deeglike navorsing in verband met die agtergrond van haar boeke. Haar onderwerpe was aktueel en betekenisvol. Haar eerste roman is in 1956 gepubliseer en die laaste in 1999. *Kroniek van Perdepoort* (1975) is bekroon met die Hertzog-, die CNA- en die WA Hofmeyr pryse, maar dit is *Die Groot Gryse* oor Paul Kruger wat elke Afrikaner behoort te lees.

REDAKTEUR: *Baie dankie vir die attent maak! Ons publiseer graag 'n artikel oor Anna M Louw (kyk artikel hiernaas).*

Old Matie in Namibian Government engine room

Prof Gerhard KH Töttemeyer, Deputy Minister of Regional and Local Government and Housing, in the Namibian Government writes:

I read with interest the latest edition of *Matieland* (2004-01). On page 8 you referred to Maties having joined the "engine room" of Government. Probably they are not the only ones, including myself.

I occupy the position of Deputy Minister of Regional and Local Government and Housing in the Namibian Government since 2000.

A few remarks about myself. I studied at the University of Stellenbosch from 1956 – 1960 (BA, BA Hons, SOD) and obtained my MA in 1969 and DPhil in 1974, also at the SU.

I taught Political Science and Public Administration at the SU from 1966 – 1979. Thereafter I was appointed as professor of Political Studies and Dean of the Faculty of Arts at the University of Transkei, 1979 – 1984, Associate Professor in Public Administration at the University of Cape Town, 1984 to 1987, and Professor in Political and Administrative Studies (1987 – 1994) at the University of Namibia. In 1991 I was seconded to the Government of Namibia as a member of the First Delimitation Commission and as Director of Elections, during the period 1992 – 1998.

Most recently in June 2004, I was elected as vice-chairperson of the Pan African Organisation Shelter Afrique (headquarters in Nairobi) dealing with affordable housing in African States.

I am married to prof Prof Andree-Jeanne Töttemeyer (nee De Klerk), also an Old Matie.

EDITOR: *In its vision statement for the next ten years Stellenbosch University has indeed committed itself to an outward-oriented role within South Africa, Africa and globally. We would like to contribute towards the scientific, technological and intellectual capacity of Africa and be an active role-player (not merely a spectator) in the development of the South African society. It is therefore very exciting to come across an alumnus that is involved in exactly that which the University envisages for itself.*

Iets op die hart?

SKRYF AAN DIE
REDAKTEUR

Die Redakteur: *Matieland*
Afdeling Bemaking en
Kommunikasie
Universiteit Stellenbosch
Privaatsak X1, *Matieland* 7602

Faks: (021) 808 3800 en e-pos
media@sun.ac.za

Anna M Louw

In 'n vorige uitgawe van *Matieland* is verwys na die afsterwe van Anna Bassel, 'n oudstudent van die Universiteit. Daar is nagelaat om te noem dat dit die getroude van was van Anna M Louw, een van die Afrikaanse letterkunderse voorste romanskrywers. Louw is verlede jaar in die ouderdom van 89 in Rondebosch oorlede.

Louw is in 1913 in die distrik Calvinia gebore en haar eerste verhale het in 1945 in *Die Huisgenoot* verskyn. Haar bydrae tot die Afrikaanse letterkunde word deur baie as onmisbaar beskou.

Louw het in 1956 gedebuteer met *Die onverdeelde uur* en het haar laaste werk in 1999 gelewer (*Vos*). *Kroniek van Perdepoort* (1975) word gereken as die hoogtepunt in haar werk en is onder meer met die Hertzogprys bekroon.

Prof Elize Botha, letterkundige en kanselier van die Universiteit Stellenbosch, het by geleentheid Louw beskryf as "een van ons grootste Afrikaanse skrywers".

Prof Louise Viljoen, Hoof van die Departement Afrikaans en Nederlands, meen Louw het veral die godsdiensstema op 'n "boeiende en onkonvensionele wyse" hanteer. "Sy het 'n worsteling met die bese fisiek, konkreet en oorspronklik aangepak op 'n wyse wat min ander Afrikaanse skrywers kon nadoen."

Volgens Viljoen was daar ook 'n "soberheid en strengheid" in haar beste boeke, en het Louw die vermoë gehad om die onnodige en oortollige af te gooi in haar skryfwerk. Sy reken ook dat Louw daarin geslaag het om 'n kring te sluit met haar oeuvre deurdat sy dit afgesluit het met die werk *Vos* wat gebaseer is op die Faust-mite en net soos *Kroniek van Perdepoort* die mens plaas in 'n konfrontasie met die duivel.

Naas haar romans het sy ook reisverhale, 'n jeugroman en twee historiese romans oor Paul Kruger geskryf.

Apology

Reference was made to Ms Lucille Domburg, a teacher from Steynville Secondary School, in a manner that could have been negatively interpreted, in *Matieland* no 1 of 2004, under the heading "Petri dish of young scientists". *Matieland* hereby extends its sincere apology to Ms Domburg for any harm or inconvenience this report may have caused her. Her integrity and quality as a teacher are held in high esteem.

Kosie Smit

Director: Institute for Mathematics and Science Teaching

kort nuus / news briefs

Agteruit kom ook (eerste) in die kruit

Verseke wêreldbekende is op Doornburg agteruit met die eerste Agteruit Atletiekvereniging in Afrika. Die Ranel Venter en prof Elmarike Terblanche van die Departement Sportwetenskap het hierop begin navorsing doen en reën dit het groot voordeel vir spelers in netbal, hokkie, rugby, krieket en sterm, waar die spelers dikwels agteruit moet hardloop. Sowat 200 studente het deelgeneem en nuwe wêreldbekende is opgestel in die 4 x 100m afles vir mans en 200m vir vroue. Die bestaande wêreldbekende in die 100m vir vroue (21.7 sek) is verbeter tot 20.3 sek en die rekord in die 4 x 100m afles vir vroue (1:48.76) is verbeter tot 1:28.8.

Lesinglokaal na gevleerde ekonomie vernoem

Die Departement Ekonomie se nagraadse lesinglokaal is vernoem na 'n gevleerde ekonomie, prof Jan Smit, wat oor baie dekades 'n noue verbinde met die departement het. Hy was vir 30 jaar (1980-2010) professor in Ekonomie aan die UFS. Sedert sy aftrede het hy doorgaans by die departement se aktiwiteite betrokke gebly, ander meer deur die aanlede van nagraadse modules, navorsingsseminare en saltpalestratisties - soos nog verskeie, en ook die verowering van 'n tweede doktorgraad by sy alma mater in 2000, en dit op 82-jarige ouderdom.

Carina maak weer po!

Oudmaats Carina Bruner, agterterwentymploeg en bekende flits het die eerste mens ter wêreld geword wat sonder Afrika se mees noordelike punt gemaak het - soos die eerste wat dit aan Afrika se mees noordelike en suidelike punte kon registreer. 'n Jaarlikse marathonywenbyeenkoms in

Twinbê gaan nou na haar verneerde wêreld. Saam met haar geskiedkundige swemgeselskap het sy tydens haar besoek daar ook aanlede getrek as flits by 'n staatsbezoek en twee musiekkonsertere terwyl pres Thabo Mbeki die land besoek het en natuurlik te sien.

Ilie en Eric in Maties se sportklub van 2004

By die jaarlikse sportreëlsouerline is Ilie Hayes, bronsmedaljeowerner by die Pan-Amerikaanse Spele in Athene, en Eric Pizzo-Linnas, wat as lid van die Suid-Afrikaanse hokkieploeg aan die Olimpiese Spele deelgeneem het, as die Maties se Sportklub en -man aangewys. Die geledehoofspreker was Nelsille du Toit, wat as amptelike (vyf maal en een keer) by die Pan-Amerikaanse Spele verower het.

Leaders to be honoured by Stellenbosch University

Stellenbosch University will confer honorary doctorates upon Dr Dignus Bon, who has distinguished himself as a formidable leader in the service of the people of South Africa and of Africa; Mr Karel Bos, founder of the Bosel manufacturing company in South Africa; Mr Brian Cassim, Group Executive Head of the construction company Munro & Roberts; Prof Pieter de Villiers, well known composer and performing artist from Stellenbosch and Ady Bram Fischer, the anti-apartheid activist and campaigner for social justice (posthumously). The honorary degrees will be awarded at the University's graduation ceremonies in December and in April 2006.

Become the stud bull you were meant to be!



BLACK BULL RESTAURANT & BAR



technopark, stellenbosch
Tel: (021) 880-9559
Fax: (021) 880-9535
e-mail: info@blackbull.co.za



**PROTEA HOTEL
STELLENBOSCH
YOUR HOME OFF CAMPUS**

only R450 per double room
Bed & Breakfast



Techno Avenue, Stellenbosch, 7600
Tel: (021) 880-9500
Fax: (021) 880-9505
e-mail: info@phstellenbosch.com



Hamba kabile, Oom Bey

Christoff Pauw

Die heengaan van Beyers Naudé op 7 September vanjaar het ons weer herinner dat wat vir ons na die onmoontlike lyk, dikwels moontlik is. Sy lewe was vir baie onderdrukte Suid-Afrikaners 'n baken van hoop tydens die barre jare van apartheid en met die nuwe bedeling het hy saam met Nelson Mandela en ander as simbool van versoening uitgestaan.

Beyers Naudé is op 10 Mei 1915 in Roodepoort gebore. Hy is in 1932 na Stellenbosch om Teologie te gaan studeer, waar hy gou opgang maak in die studentelewe, onder meer as primarius van Wilgenhof en voorsitter van die Studenteraad. Hy het sy bediening in die NG Kerk in 1940 begin en sy leierskapspotensiaal het gou geblyk. Op 25-jarige ouderdom is hy as jongste lid van die Broederbond verkies.

Die vyftigerjare was vir hom 'n periode van ontnugtering in die standpunte van sy regering en sy kerk. Hoewel hy nog in 1948 'n vurige ondersteuner was van die seëvierende Nasionale Party, het sy besorgdheid oor die rigting wat die apartheidsbeleid begin inneem het, gegroei. Hy het mettertyd tot die oortuiging gekom dat apartheid nie Bybels geregverdig kan word nie.

Die gebeure by Sharpeville op 21 Maart 1960 was 'n keerpunt in die land se geskiedenis. Naudé het met ywer deelgeneem aan die Wêreldraad van Kerke se Cottesloe beraad in Desember daardie jaar. Die verwerping van Cottesloe se kritiek op apartheid vanuit Afrikanergeleedere het hom ontnugter en hy het saam met 'n aantal ander predikante 'n ekumeniese liggaam, die Christelike Instituut (CI) gestig. Sy gemeente van Aasvoëlkop in Johannesburg was egter ongelukkig oor hierdie 'buite-kerklike' aktiwiteite en het geëis dat hy bedank by die CI. Na vele wroeging het hy op 3 November 1963 sy afskeidspraak gelewer en die volgende oggend sy bediening voortgesit as direkteur van die Christelike Instituut.

Hy sou vir veertien jaar hierdie pos beklee en sy gewig agter die kerk se stryd teen apartheid gooi. Hy het in kontak gekom met invloedryke figure uit die swart bewussynsbeweging en die anti-apartheid bevrydingsorganisasies. Die CI, dikwels in samewerking met die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke (SARK), het veel vermag om aan die kerk in Suid-Afrika geloofwaardigheid in die stryd teen die onreg van apartheid te wen.

Toe die CI in 1977 deur die staat verban was, is Naudé ingeperk vir sewe jaar. Tog het hy sy werk voorgesit deur besoekers van wyd af te ontvang. Toe sy inperkings onverwags in 1984 gelig was, het hy dadelik weer 'n publieke rol ingeneem as Sekretaris-Generaal van die SARK. As lidmaat en later predikant van die NG Kerk in Afrika het hy ook aktief deelgeneem aan die gesprekke om eenwording met die NG Sendingkerk.

In 1987 was Oom Bey deel van 'n afvaardiging van Afrikaners wat samesprekinge met die ANC gaan voer het in Dakar, Senegal. Hoewel hy nooit 'n ANC lid was nie, het oudpresident Nelson Mandela hom genooi as deel van die ANC se onderhandelingspan by die Grootte Schuur beraad in 1990. Mandela het by geleentheid gesê dat hy met graagte in Beyers Naudé se kabinet sou dien!

In sy outobiografie wat in die negentigerjare verskyn het, noem dr Beyers Naudé vier sake waaraan hy nog aandag wil skenk voordat hy sterf, te wete: die uitbou van die ekumene; ekonomiese geregtigheid; die bestryding van korrupsie, en eenheid en versoening. Vir ongeveer agt jaar lank sou hy nog hiermee besig wees. Hierdie werk van oom Bey is egter nie voltooi nie. Die *Beyers Naudé Sentrum vir Publieke Teologie* (BNS) aan die Universiteit van Stellenbosch poog om, in die gees, styl en etos van oom Bey, sy visie en strewte te koester en oordink en om op beskeie wyse aan die realisering daarvan te werk.

■ Christoff Pauw is verbonde aan die BNS en besig met sy PhD aan die Vrije Universiteit van Amsterdam.

Gedenkdienste ter ere van dr Beyers Naudé

Op inisiatief van die Beyers Naudé Sentrum vir Publieke Teologie (BNS) is 'n gedenkdienste ter ere van dr Beyers Naudé in die Endlersaal op die kampus van die Universiteit Stellenbosch gehou.

Die geleentheid is gehuldig deur 'n mosie van roubeklag deur die Rektor van die Universiteit Stellenbosch, prof Chris Brink, en die Burgemeester van Stellenbosch, mnr Willie Ortell. Geloofsleiers vanuit die Christen, Moslem en Joodse gemeenskap, wat persoonlike kontak met dr Naudé gehad het, het ook aan hom hulde gebring en sy etos en toewyding vereer.

Prof Russel Botman, Viserektor: Onderrig en President van die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke het die roudiens waargeneem. Hy het onder meer gesê: "*Courage, judgment, integrity and dedication – these are the historic qualities of Beyers Naudé, the man who warmed the earth for a very brief time.*"

Wilgenhof manskoshuis se serenade groep, Die Kraaie, asook die huidige primarius, mnr JP Louw, het tydens die geleentheid die leierskap van 'n oud-primarius erken en vereer met 'n toepaslike Zoeloelied en 'n 'Totsiens Oom Bey'.

Dr Nico Koopman, direkteur van die BNS en voorsitter van die Departement Sistematiese Teologie en Ekklesiologie aan die Fakulteit Teologie asook verteenwoordigers uit die studentegemeenskap het veral klem gelê op dit wat Oom Bey se nalatenskap vir die toekoms kan beteken.

Dr Koopman het gesê: "*Deur hom altyd te onthou, deur sy verhaal met die jonger geslag te deel, deur teologies na te dink oor sy lewe en erflating, sal ons steeds in sy lewe deel, uit sy wysheid drink en deur sy visie van 'n waardige en vreugdevolle bestaan vir mens en omgewing bekragtig word.*"

Rodney Tshaka, nagraadse student in Sistematiese Teologie en werksaam in die BNS het gesê: "*Ka nnete, O lwane ntwane molemo, o mathile wa ba wa geta sebaka. Robala ka Khotso moAfrika.*" (*Surely, you have fought a good fight, you have completed the race. Sleep in peace African.*)

Yvonne Malan, PhD-student in Filosofie het gesê: "*The example of individuals like Beyers Naudé is that one can be proud of one's heritage without being a prisoner of your history. He never abandoned his identity as an Afrikaner nor the history in which he was interwoven. Still, he was able to move further; his passion for social justice transcended the limits of a narrow understanding of identity.*"

Christoff Pauw, skrywer van meegaande artikel en verbonde aan die BNS het gesê: "*May his legacy guard our churches from ever severing the fragile bonds that he and many others so earnestly helped to forge.*"

JP Louw, primarius van Wilgenhof het gesê: "*Wat ons uit oom Bey se lewe kan leer, is dat hy altyd aandag aan die individuele persoon en sy/haar behoeftes gegee het, maar nie die groter prent en sy moontlike rol daarin uit die oog verloor het nie. Ons kan by hom leer om aandag te gee aan die omstandighede van elke persoon, maar ook te onthou dat die omstandighede geskep of beïnvloed word deur groter beleide of praktyke wat ook aangespreek moet word.*"

Foto teenoorstaande blad: Beeld

Two Centres of *excellence* for Stellenbosch

- Engela Duvenhage



Proff Chris Brink, Rector, Paul van Helden (SU) and Valeri Mizrahi (Wits), team leaders of the Centre for Biomedical TB Research, with the Minister of Science and Technology, Mr Mosibudi Mangena, Prof Steven Chown, director of the Centre for Invasion Biology and Prof Piet Steyn, Senior Director: Research, at the launch of the Centres of Excellence programme.

Two Centres of Excellence (CoE's), two diverse fields of research – both holding the promise that their work will significantly contribute to the quality of life of all South Africans.

Stellenbosch University has been awarded two of the six new Department of Science and Technology (DST) Centres of Excellence – to study tuberculosis, and invasive alien plant and animal species. The centres, selected by a rigorous international peer review process from 70 applications in the fields of health, biodiversity, biotechnology, physics and engineering, are part of the DST and the National Research Foundation's (NRF) prestigious national initiative to further world-class research.

Research at the Centre for Biomedical TB Research, under leadership of Prof Paul van Helden, is a joint venture between the Faculties of Health Sciences of the Universities of Stellenbosch and the Witwatersrand. The aim is to curb tuberculosis, an infectious disease that is especially prolific in the Western Cape, with new remedies for the diagnoses, treatment

and prevention of the illness.

The Centre of Invasion Biology (CIB), under directorship of Prof Steven Chown in the Faculty of Science, focuses on the effects of invasive species on ecosystems and natural resources. The CIB will be housed in the Natural Sciences building, with a wing of the building receiving a facelift thanks to funding by SU to host the CIB core office.

Both centres will receive between R5 million and R7 million per year over ten years, to promote groundbreaking work in these diverse, yet life-changing fields of research. Public awareness also plays a key role in their strategies.

The CoE's have a strong focus on student training and education at all levels, from undergraduate to PhD students. Postdoctoral work and in-service training are also an integral part of the CoE thinking.

The CIB, for instance, will recruit, and after a few years for at least the next decade, annually

graduate 28 students at all levels who are highly knowledgeable about specific aspects of biological invasions. "It is our aim", says Prof Chown, "that these students will contribute to a skilled workforce that can address the biodiversity impacts of biological invasions both in South Africa and elsewhere."

Thanks to the DST/NRF support, well-funded bursaries are also available to students who are interested in these fields of research, while a specific emphasis is also placed on recruiting students from disadvantaged communities to ensure the advancement of greater demographic diversity amongst local researchers.

Because the Centres are run in conjunction with various academic partners, students do not have to be based on the Stellenbosch campus to be part of these leading initiatives. In the case of the CIB, core team members who are leading academics in fields such as spatial ecology and marine invasions, are based at the universities of Cape Town, Transkei, KwaZulu-Natal and Pretoria, and at the CSIR.

"We have a multi-disciplinary approach and work in close cooperation with researchers and laboratories at Wits where Prof Valeri Mizrahi has already done exceptional work in this area," explains Prof van Helden.

"The anticipated establishment of these large programmes is intended to produce knowledge, and provide career opportunities for our next generation of scientists and researchers," Mr Mosibudi Mangena, National Minister of Science and Technology said at the launch of the CoEs in July. "Through this initiative, we believe that, together with our partners in NEPAD, we can create momentum to reverse the current brain-drain trend of highly trained scientists to better resourced science systems."

Taking charge of TB

A World Health Organisation (WHO) survey released in March this year, flags South Africa as the only hotspot in Africa in the global epidemic of multi-drug resistant tuberculosis (MDR-TB).

It said that South Africans were vulnerable to strains of tuberculosis resistant to the two most common anti-TB drugs. According to WHO, reservoirs of resistance develop when TB patients fail to take their full course of medicine. South Africa has already introduced a system that

pairs patients with friends or relatives who undertake to ensure they take their medication.

The WHO report is not good news for the efforts to fight this national health emergency, which has been exacerbated by the rampant HIV co-

Waging war on hitchhiking plants



Pinus pinaster – a pine species being cleared in the Kleinmond area.

Participants in the annual Berg River Canoe Ultra-marathon do not only have to contend with fluctuating water levels and fierce competition from fellow-paddlers, but also floating beds of hyacinths that make stretches of the river almost impossible to manoeuvre.

Northern Cape farmers, who planted *Prosopis* trees as a source of fodder for their livestock, now find that these water-thirsty

trees form impenetrable thickets over vast stretches of natural grazing veld.

These are two of the 180 plant species that, over the past 400 years, have hitchhiked intentionally or by accident into South Africa from other countries. Together, invasive plants have multiplied over more than 10 million hectares of indigenous landscape,

causing soil erosion, a decrease in water quality, and a loss in biodiversity.

The CIB (see article opposite page) will research invasive plants, insects, and marine invertebrates in their mission to understand why certain alien animal and plant species spread like wildfire, while others do not, and what the impact of invasive species are on the production of ecosystem services such as clean air and water for South Africa.

Ultimately, the CIB researchers aim to provide evidence-based policy advice to decision-makers and conservation managers who have to take action against the threat of invasive alien species.

More information: www.sun.ac.za/cib

Marine life also battles with the problem of invasive species. A native of the Atlantic coasts of Europe and northern Africa, the European green crab, has invaded numerous coastal communities outside its native range, including South Africa, Australia, and both coasts of North America. It is a voracious feeder of particularly mussels, and can have a significant impact on these populations.



epidemics. South Africa has the second highest mortality rate attributed to TB in the world and is third on the list of countries with the most incidence of TB.

The joint establishment of the Department of Science and Technology's Centre for Biomedical TB Research at Stellenbosch University and the University of the Witwatersrand signals a another significant effort of the South African government to stop TB and to promote research excellence and capacity building. It aims to develop new remedies for the diagnoses, treatment and prevention of the illness.

Recent advances in genomics and the molecular biosciences have created the opportunity to investigate the biology of *Mycobacterium tuberculosis* and the interaction of the organism with its human host at a level that was previously unimaginable. "South Africa can contribute significantly to global research efforts that are aimed at developing new tools for controlling TB," says Prof Paul van Helden, director of the Centre.

The National Research Foundation (NRF) and the Medical Research Council (MRC) are active role-players in the research programme that will be funded by the DST for the next few years.

Die raaisel van die lewe self

"Om dalk die groot raaisel van wat die lewe self is op te los," is Johann Rohwer se filosofiese antwoord oor die werk wat hy doen, "en om 'n bydrae te maak oor hoe om ons lewende sisteme te verstaan," voeg hy by.



Vir sy p-evaluering het dié jong professor van die Departement Biochemie gefokus op molukulêre sel-fisiologie. Dit behels die studie van hoe prosesse in die lewende sel beheer en gereguleer word, verduidelik hy.

"Ons gebruik spesifieke eksperimentele metings om wiskundige rekenaarmodelle van hierdie prosesse te maak. Hierdie modelle help ons op twee maniere om die lewende sel beter te verstaan: eerstens maak hulle dit moontlik om die sel se gedrag te bereken en te voorspel, en tweedens kan mens met behulp daarvan scenario's bereken waarvoor nog geen eksperimentele metingsmetodes ontwikkel is nie. Twee voorbeelde waar ek hierdie benadering toegepas het, is 'n studie om te bepaal hoe suikeropname in gis-selle beheer word, en 'n studie om die beheer van suikerproduksie in suikerriet te ondersoek."

Op 'n meer toegepaste vlak vertel hy, is die werk relevant vir industrieë of die landbou wat organismes soos gis of suikerriet gebruik om bepaalde produkte te maak. "As ons beter verstaan hoe die prosesse in hierdie organismes kwantitatief beheer word, sal ons ook die industriële produksieprosesse beter kan verstaan en beheer."

Johann het in KwaZulu-Natal grootgeword en BSc, BSc (Hons) en MSc (die laaste twee in Biochemie) op Stellenbosch studeer. Die Kanseliersmedalje van die Universiteit Stellenbosch is in 1993 aan hom toegeken en hy het sy doktorsgraad in 1997 in Biochemie aan die Universiteit van Amsterdam in Nederland behaal onder die leiding van prof Hans Westerhoff. Hy is sedert 1997 aan die Departement verbonde. Hy is getroud met Christa Büttner-Rohwer en het 'n dogter Nicola (2).

Ongeregverdigde verryking onder die vergrootglas

Prof Jacques du Plessis, dosent in Privaatreg en Romeinse Reg is die regsgeleerde onder die groep. Sy navorsing het gehandel oor die aanspreeklikheid wat ontstaan uit ongeregverdigde verryking. Die gebied gaan in wese oor 'n persoon se plig om dit wat sonder 'n aanvaarbare regsgrond ten koste van 'n ander verkry is, terug te gee.

"Tweedens het ek wat die kontraktereg betref veral gefokus op die gevolge indien sekere onaanvaarbare metodes gebruik word om 'n persoon se instemming tot 'n kontrak te verkry."



Hy reken dat hy graag wou bydra tot die verdere ontwikkeling van dié fokusareas deur veral gebruik te maak van die regsvergelende metode. Dit behels in wese dat die benaderings van verskillende regstelsels met mekaar vergelyk word met die doel om hul kwaliteit te verbeter.

"Mense sluit gereeld nadelige kontrakte vanweë onkunde, onervarenheid, afhanklikheid of 'n swak bedingingsposisie. Hopelik sal die navorsing kan help om groter duidelikheid te bied oor presies wanneer sulke "swak" kontraktante nie aan 'n kontrak gebonde sal wees nie."

Jacques het die grade BComm, LLB, en LLM aan die US verwerf en sy PhD aan die Universiteit van Aberdeen in Skotland.

Brugbouer

'n Mondvol. Dis hoe 'n mens dr Naas Swart, senior lektor in die Eenheid vir Godsdienst- en Ontwikkelingsnavorsing in die Departement Praktiese Teologie en Missiologie se navorsingsfokus vir sy P-evaluering kon beskryf. Maar ook baie waardevol moet 'n mens byvoeg.

Sy doktorale navorsing het gehandel oor die sosiaal-teologiese debat in die Christelike



ekumeniese beweging oor die rol van kerke in sosiale en ekonomiese ontwikkeling. Sy navorsing word ook allerweë as uniek beskou oor hoe dit dissiplinêre grense oorgesteek het en die teologiese debat oor kerke en ontwikkeling in verband gebring het met die hedendaagse debatte in ontwikkelingstudies oor mensgesentreerde ontwikkeling en die rol van nie-regeringsorganisasies (NGOs) en die sg. nuwe sosiale bewegings in ontwikkeling.

"Ek wil 'n beduidende bydrae maak tot die uitbou van ontwikkelingstudies as 'n interdisziplinêre veld van spesialisasie in die teologie en godsdienwetenskap. In die proses wil ek voortgaan om dissiplinêre grense oor te steek na die ander sosiale wetenskappe waardeur ek ook 'n bydrae wil lewer tot die breër normatiewe debatte oor ontwikkeling en sosiale transformasie in die post-industriële samelewing," het hy gesê.

Naas het aan die US studeer (BA, BA Hons in Godsdienkunde, MA in Semitiese Tale en BTh) sowel as aan die Institute of Social Studies (MA in Ontwikkelingsstudies) in Den Haag, Nederland – gereken as een van Europa se voorste sentrums vir ontwikkelingstudies. Sy DPhil het hy in Godsdienkunde aan die US verwerf. Hy is getroud met Karen en hulle het twee dogters – Clara-Mari en Jacqueline.



Sake van die hart

Vir Hanlie Moolman-Smook, spesialis wetenskaplike en Wellcome Trust Internasionale Senior Genoot in die Departement Geneeskundige Biochemie gaan dit altyd oor meer vrae vra en die antwoorde daarop te soek.

Haar navorsing handel oor die genetiese oorsake van hipertrofiëse kardiomiopatie of siekte van



die oorgroeide hartspier en gepaardgaande gevolge vir hartspier funksionering in Suid-Afrika.

"Hierdie oorerflike siekte veroorsaak 'n verdikking van die hartspier en lei gereeld tot die skielike en onverwagte dood van jong, skynbare gesonde mense," verduidelik sy. 'n Voorbeeld

hiervan was die sokkerspeler Marc Vivien Foe wat verlede jaar in 'n wedstryd tussen Colombië en Kameroen op die veld oorlede is.

Die resultate van haar navorsing word nou landwyd deur kardioloë gebruik om ingeligte besluite oor hul pasiënte te neem. Moolman-Smook het reeds 'n belangrike bydrae in hierdie veld gelewer en word reeds nasionaal en internasionaal erken.

Sy het as BSc Honneurs student by die departement aangesluit en het vanjaar ook een van Stellenbosch se min Wellcome Trust internasionale senior genote (fellows) geword – 'n geweldige prestasie vir Hanlie en die Universiteit. Daar is net nege Wellcome Trust internasionale genote in Suid-Afrika.

Hanlie en haar man, William Smook, het twee kinders, Christopher and Simône.

Wyngeurkenner

Die mees mistereieuse aspek van wyn en brandewyn is die eindelose hoeveelheid geure wat weens komplekse chemiese interaksies ontstaan." Aan die woord is prof Marius Lambrechts, buitengewone hoogleraar by die Instituut vir Wynbiotegnologie.



Hy verduidelik dat wyn- en brandewyn-geure geklassifiseer word volgens die bronne van die verbindings wat daartoe bydra. Dit sluit in kultivargeure, m.a.w. geure afkomstig van die druif self, pre-fermentasie geure, oftewel verbindings wat gevorm word gedurende die voorbereiding van mos, fermentasie geure (geskep deur gis en bakterieë tydens die alkoholiese en appelmelksuurgisting) en laastens die post-fermentasie geure (verbindings wat deur ensimatisering of fisiese en chemiese aktiwiteit tydens hout en bottel veroudering gevorm word.

"Sonder om die kompleksiteit van hierdie interaktiewe reaksies te onderskat of om die definitiewe rol wat die akkumulatiewe sekondêre druifverbindings in die variëteitskarakter van wyn speel te ignoreer, het my navorsing hoofsaaklik gefokus op die bydrae wat gis, melksuur- en asynsuurbakterie maak tot die sensoriese kwaliteit van die finale produk."

Sy huidige navorsing is daarop gefokus om die rol wat chemiese verbindings in die bepaling van die styl van 'n brandewyn speel te verstaan. "Nog 'n aspek van my navorsing fokus op die ontwikkeling van parameters om die optimale rypheid van Carbernet Sauvignon druiwe in vergelyking met wynkwaliteit te bepaal."

Marius het die grade BSc Agric, BSc Agric (Hons), MSc en PhD Agric aan die US behaal en het as deel van sy PhD-studie twee jaar aan die Albert Einstein College of Medicine studeer. Hy is getroud met Estelle en hulle het drie kinders, Marezelle, Christian en Minette.



Gaan na die mier...

Matiestudente Ndivhuwo Netshilaphala, Marlize Schoeman en Christopher Vale het met die louere weggestap in hul kategorië by die jaarlikse Technology and Human Resources for Industry Programme (THRIP)* Excellence Awards.

Hul studieleiers, proff Petrie Meyer en Suzanne Milton, is terselfdertyd aangewys as wenners in hul kategorië.

Netshilaphala het die toekening gewen vir haar nagraadse studie oor die moontlikheid om mierkolonies te gebruik as aanwysers van die sukses van rehabilitasieprogramme in ekosisteme na afloop van mynbou-aktiwiteite aan die Weskus van Suid-Afrika. Of 'n mierspesie terugkeer na 'n ekosisteam, hoe hulle terugkeer, die tempo daarvan en die soorte miere wat terugkeer is almal goeie aanduiders van hoe suksesvol 'n rehabilitasieprogram was. Die besigheidsvennoot was Namakwa Sands Beperk.

Schoeman en Vale, albei vorige ontvangers van die Universiteit se Kanseliersmedalje, se navorsing behels hoë-frekwensie tegnologie met verskeie toepassings in bv selfone, mikrogolfoonde en gesofistikeerde sekuriteitstelsels. Hul navorsing word gerugsteun deur Reutech Radar Systems, Grintek Avitronics en Chelton Satcom.

**THRIP is 'n vennootskapsprogram wat maatskappye uitdaag om die regering se fundering van innovende navorsing en ontwikkeling in Suid-Afrika op 'n Rand vir Rand-basis te ewenaar, terwyl die toekennings gehou word om erkenning te gee aan projekte wat nie net deur THRIP finansieel ondersteun word nie, maar ook hulself onderskei in die bydrae wat hulle maak tot die mededingendheid van Suid-Afrikaanse besighede.*



"Beeld"

Navorsers vereer vir werk oor dieregeure

Drie dekades se navorsing oor dier-feromone het vir prof Ben Burger die hoogste eer van sy genote in Suid-Afrika gebring – die SA Chemiese Instituut se goue medalje – toegeken uit erkenning vir uitstaande werk op die gebied van chemie of chemiese tegnologie.



Burger en sy medewerkers van die universiteit se Laboratorium vir Ekologiese Chemie (Lecus) het oor die afgelope 30 jaar waardevolle werk gedoen om te verstaan hoe diere met mekaar kommunikeer danksy biochemiese afskeidings of "reukseine", ook bekend as semiochemikalieë.

Feromone is 'n tipe semiochemikalie waarmee lede van dieselfde spesie vir mekaar boodskappe los, byvoorbeeld in die gebiedsafbakening van 'n boksoort. 'n Allomoon, weer, word deur een soort dier afgeskei om as lok- of afskrikmiddel vir 'n ander soort dier te dien. So skei rooibekakkeleers 'n onwelriekende olie af wat moontlike aanvallers soos katte of slange afskrik.

Lecus se navorsing fokus onder meer op die analise en karakterisering van vlugtige organiese komponente wat as feromone deur lewende organismes afgeskei word. Een van hul primêre doelwitte is om sintetiese weergawes daarvan te vervaardig.

Die mensgemaakte feromone gaan in toetse gebruik word om bontebokke makliker, goedkoper en met minder spanning vir die diere in vangkampe te probeer inlok. Werk die eksperiment, sal dit eerste keer wees dat wetenskaplikes groot soogdiere met feromone lok.

Burger se werk geniet wêreldwyd aansien. In 2001 is sy pionierswerk ook met die MJE Goly Medalje in die VSA vereer, een van die drie vernaamste toekennings vir chromatografie wêreldwyd. Hy is ook lid van twee internasionale professionele verenigings, Gesellschaft Deutscher Chemiker (GdCh) en die Internasionale Vereniging van Chemiese Ekologie, waarvan hy ook 'n raadslid is.

Make it 'snappy'!

Dr Alison Leslie, lecturer in Conservation Ecology, is the recipient of the Principal Investigator of the Year Award for 2004 from the Earthwatch Institute. She receives the award for her "Crocodiles of the Okavango" project.

Her research not only focuses on the ecology, physiology and conservation of the Nile crocodile, *Crocodylus niloticus*, but also investigates the extent of human/crocodile conflict in the area and the feasibility of a sustainable utilisation programme for crocodiles in Botswana. Results from this research will also assist wildlife managers responsible for decision making within the fragile Okavango ecosystem. They will also provide scientific expertise and detailed biological information to assist crocodile farmers in Botswana and other parts of Southern Africa.

The Earthwatch Institute was founded in 1971, mobilized over 2900 projects in 118 countries while having over 72 000 volunteers that have contributed over \$53m and 10 million hours of fieldwork.

Dr Leslie, together with her research team, has adhered to criteria like running one or more Earthwatch Institute projects for multiple years and must have received consistent favourable volunteer evaluations. The project must also have made a worthwhile contribution at community, regional or global level.



PhD candidate Sven Bourquin and MSc candidate Kristi Maciejewski – both students in the Dept of Conservation Ecology.


Molteno-medalje vir Sue Milton

Prof Sue Milton, dosent in Bewarings-ekologie, het die goue Molteno-medalje verwerf vir haar besondere bydrae tot natuurbewaring en veral die rehabilitasie van natuurlike plantegroei in die Karoo.

Die Molteno-medalje word jaarliks deur die Kaapse Drie-Eeue-Stigting toegeken. Die Stigting het oor die afgelope meer as vyftig jaar mense of organisasies vereer wat belangrike bydraes gemaak het tot die beeldende en uitvoerende kunste, literatuur, of in die bewaring of bevordering van beide die natuurlike en geboude omgewings van dorpe en plattelandse areas van die Kaap.







Daar is deesdae iets anders aan die Stellenbosse Universiteitskoor. Iets wat verseker het dat die koor met 'n goue medalje van die koor-olimpiade in Duitsland teruggekeer het. **LEZÉL AMORAAL** het met die koor se dirigent, André van der Merwe, gesels.



ie koor het nog altyd goed gesing. Ons het ongelooflike dirigente gehad soos prof Philip McLachlan, Johan de Villiers, Acáma Fick en Sonja van der Walt," sê André wat in 2003 as dié koor se dirigent aangestel is.

Nou wat maak die Nou wat maak die koor dan anders?

"Ek dink 'n nuwe soort energie," kom die antwoord vinnig. "Ek bedoel, ek het 'n drama-agtergrond en ek probeer heelyd bewus bly van internasionale koortendense."

André het aanvanklik BMus (Uitvoerend) by die Universiteit van Kaapstad studeer, maar toe hy ná 'n klavierkonsert in die Baxter-konserteraal sy duim gebreek het, was hy gedwing om van rigting te verander. Hy het hom toe vir 'n BDram-graad by Maties ingeskryf. Ná sy studie het hy by Hoërskool Brackenfell en toe Hoërskool Stellenberg begin skool hou. Hy het in 1999 die Hoërskool Stellenberg Meisieskoor gestig wat ook vanjaar by die koor-olimpiade in Duitsland 'n goue medalje verower het.

Die Universiteitskoor is onder sy leiding in Julie as die beste koor uit 32 kore in die jeugkoor-afdeling by dié koor-olimpiade in Bremen, Duitsland aangewys. Altesaam 350 kore was vir dié olimpiade gekleur.

"Ek sal nooit vergeet hoe die koorlede se gesigte gelyk het toe hulle ons landsvlag gehys het nadat ons die kategorie gewen het nie. Dit was 'n wonderlike oomblik."

Die koor-olimpiade was uitstekende blootstelling vir die koor, maar het ook werklik baanbrekerswerk verrig. "Mense bel my nou nog van oorsee."

Dis juis die rede hoekom dié koor volgende jaar as demonstrasiekoor genooi is na die Internasionale Federasie vir Koormusiek se simposium in Kioto, Japan. Daar sal die koor die geleentheid kry om Suid-Afrikaanse musiek voor sowat 4 000 internasionale koorleiers te sing. Vir André is die enigste krisis nou om befondsing daarvoor te kry. "Dis een van die

goed waaraan ons baie hard werk."

Die groot prestasie by die koor-olimpiade is soms oorskadu deur mense se ontevredenheid omdat die koor nie 'n Afrikaanse werk in die kompetisie gesing het nie.

"'n Klein groepie mense maak soms 'n groot bohaai en dan word dit 'n fokuspunt," sê André. "Omdat ons by een geleentheid, op een plek in Duitsland, nie 'n Afrikaanse lied gesing het nie,

beteken dit nie ons gaan nie weer Afrikaans sing nie. Ons het sopas Hendrik Hofmeyr se nuwe simfonie, *Sinfonia Africana*, saam met 'n orkes gesing wat totaal en al in Afrikaans was. Ek dink mense moet net perspektief behou."

Daar was ook ontevredenheid omdat die koor nie meer in hul kenmerkende togas sing nie.

"Tye verander en modes verander – internasionaal dra geen kore meer koortogas nie. Dit beperk ook die moontlikhede as mens in 'n toga sing. Dit lyk ongelooflik formeel. Sodra jy begin om Afrika-musiek te sing of musiek wat beweging vereis, is dit twee wêreldes wat bots. Goed, dit kan werk, mense kan sê dit is nie 'n goeie verskoning nie, maar ons behou die tradisie, want ons behou die koor en ons bly streef na kwaliteitsang."

Die Universiteitskoor is in 1936 deur William Morris gestig en is die oudste universiteitskoor in die land.

"Dit is iets waarop 'n mens trots moet wees en daar is baie sterk tradisies. Die probleem met tradisies is dat mense dit soms slaafs navolg, sonder om dit te evalueer. In Suid-Afrika sit ons met unieke, diverse kulture."

Een van André se doelwitte toe hy as dirigent van die koor aangestel is, was juis om die musiek meer toeganklik vir gehore te maak. Tog het mense steeds sekere verwagtinge van 'n koor en veral 'n universiteitskoor.

"As jy nie Afrikaans sing nie, *moan* die Afrikaanssprekendes, sing jy nie Engels nie dan..." André sug en gaan dan verder: "Jy stel in ons land mense moeilik tevrede, anders as in ander lande."

André glo as mense aan koorsang dink, hulle 'n vooropgestelde idee het van 'n kliniese soort sang. "Daar gaan soveel meer siel daarin. Dit gaan oor kommunikasie."

Hy het begin om die koor meer visueel aan te bied en te speel met akoestiese moontlikhede. "Ons leef in 'n samelewing waar mense gewoon is aan geweldige spesiale effekte. Dis 'n wonderlike uitdaging om iets vir dié gehoor aan te bied, maar mens moenie te *gimmicky* raak nie. Dit moet steeds

eerlike sang wees, maar met 'n vars aanbidding."

Wanneer die koor 'n moeilike 20ste eeuse werk sing, verduidelik André vinnig vooraf vir die gehoor waarvoor die werk gaan en waarvoor hulle moet luister. "Jy moet gehore opvoed, al begin dit hoe klein. Dit moet 'n verskil maak en uitkring."

Elke jaar kry die koor ongeveer 200 aansoeke vir die sowat twaalf plekke wat beskikbaar is en daarmee saam is daar die uitdaging om genoeg diversiteit in te bou. Tog is dit steeds 'n uitdaging omdat die poel van diversiteit op die kampus nie baie groot is nie.

"Dis 'n moeilike ding, want ek dink nie Stellenbosch se kampus is op die oomblik werklik verteenwoordigend van al die kultuurgroepe van ons land nie.

"Toe ons in Duitsland was, kon ek sien die mense het verwag dat ons meer multi-kultureel moet wees," vertel André. "As ons weer oorsee gaan, droom ek daarvan dat ons meer verteenwoordigend sal wees."

Tog glo hy daar is 'n groot tradisie van koorsang in Suid-Afrika. "Ongelukkig het jy 'n bietjie swart kore, 'n bietjie bruin kore en 'n bietjie wit kore. Dis hoekom ek die Nasionale Jeugkoor gestig het om te sien hoe werk dit as mens dit alles kombineer."

Die multi-kulturele nasionale jeugkoor wat as die Fidentia-SA Jeugkoor bekend sal staan, is 'n koor-akademie wat by die Hoërskool Stellenberg in die Wes-Kaap gesetel sal wees. André glo dit kan 'n goeie voedingsbron vir die universiteitskoor wees om beter diversiteit te verseker.

Iets wat hom baie opgewonde maak, is die Universiteitskoor-reünie in September 2006. "Ek dink dis hoog tyd dat dit gebeur. Die koor het werklik sterk wortels regoor die land. Ek dink dit sal die eerste geleentheid wees vir mense om te sien waar die koor vandaan kom en hoekom dit belangrik is om te diversifiseer."

Dit sal ook 'n wonderlike geleentheid wees om te sien dat daar iets anders aan die koor is. Is dit sterk wortels? Is dit die koorleier? Is dit "'n soort energie"? Een ding is verseker dit is 'n goue medalje-koor.



Foto: Lezél Amoraal

erpleegkundegraduandi van die Universiteit Stellenbosch is vandag oor die hele land versprei en baie van hulle werk in die verste uithoeke van die wêreld. Die era van voorgraadse Verpleegopleiding aan die Universiteit kom egter tot 'n einde in 2007 wanneer die laaste groep studente wat in 2004 tot die kursus toegelaat is, hul studies voltooi.



Die regering het besluit dat alle voorgraadse verpleegopleiding in die Wes-Kaap vanaf 2005 slegs deur die Universiteit van die Wes-Kaap verskaf sal word. Dit beteken egter nie dat Stellenbosch nou sy deure vir verpleegsters sluit nie. Innoverende nagraadse programme van die Departement Verpleegkunde in die Fakulteit Gesondheidswetenskappe verseker steeds dat groot getalle verpleegsters toegerus word vir die uitdagings van geneeskunde in 'n nuwe millennium.

Die Departement Verpleegkunde gaan soos gewoonlik voort met belangrike nagraadse aanbiedings, sê die hoof van dié departement, prof Barene Welmann. "Ons kry terselfdertyd ook die geleentheid om insette te lewer op die gesamentlike platform, wat by die UWK geskep is vir voorgraadse Verpleegopleiding."

Die uitgebreide reeks nagraadse diploma- en graadprogramme wat die departement aanbied, is dan ook spesifiek gerig op die ontwikkeling van gespesialiseerde kennis en verpleegvaardighede. Dit sluit in kursusse in Psigiatrisse Verpleegkunde; Kritieke Sorg; Operasiesaal-verpleegkunde; Verloskunde; Gemeenskapsverpleegkunde; Verpleegbestuur en

Verpleegonderwys. Verpleegsters wat nie 'n formele graad het nie kan ook 'n nagraadse kwalifikasie behaal deur vir 'n tweejaar-Meestersgraadprogram in te skryf. Voorwaardes wat van toepassing is, sluit onder meer 'n vierjaar-kollegediploma in en aansoeke moet deur die Universiteit goedgekeur word.

Omdat baie van die departement se programme deur telematiese onderrig aangebied word, het studentegetalle in die afgelope jare dramaties toegeneem, en aanleiding gegee tot bande met verskeie Afrikalande en die opleiding van groeiende getalle studente uit lande soos Swaziland, Namibië, Tanzanië, Botswana - en selfs uit Europa.

Onlangs het die eerste groep studente uit Tanzanië die kursus in Kritieke Sorg en Operasiesaalverpleging voltooi en 'n tweede groep is reeds besig met dieselfde kursus.

Een van die belangrike inisiatiewe wat Verpleegkunde vanjaar begin het, was om met die hulp van die Telematiese Interaktiewe Opvoedingseenheid van die Universiteit Stellenbosch, 'n "klaskamer" in Londen te open om aan die groot getalle Suid-Afrikaanse verpleegsters wat in die Verenigde Koninkryk woon en werk, toegang te bied tot die departement se nagraadse programme.

Welmann (kyk vorige bladsy) en haar span hoop om op hierdie



wyse baie van hierdie verpleegsters aan te moedig om terug te kom na Suid-Afrika. Sy sê Suid-Afrikaanse verpleegsters wat oorsee werk, word op die laagste moontlike vlak ingeskakel wanneer hulle terugkom na Suid-Afrika - ten spyte van ondervinding wat hulle oorsee opgedoen het. Verpleegsters wat die nagraadse kursusse, wat deur die Londense "klaskamer" aangebied word, bywoon en slaag, sal in Suid-Afrika by die Verplegingsberoepraad geregistreer word. "Dit stel hulle in staat om na Suid-Afrika terug te kom, nie net met eerste wêreldondervinding nie, maar ook met beter kwalifikasies," sê Welmann.

Situasie in SA sal moet verander

Sy beklemtoon dat die Regering ook 'n verantwoordelikheid het in hierdie verband. "Verpleegsters sal nie terugkom as dinge nie in die werkplek verander nie," sê sy. "Daar is etlike stappe wat dringend nodig is om die situasie te verbeter, onder meer dat professionele verpleegsters uit die buiteland op gepaste werksvlakke ingeskakel word en gepaste salarisse ontvang. Terselfdertyd moet die salarisse van alle verpleegsters as 'n saak van dringendheid hersien word, en daar moet voorsiening gemaak word vir alternatiewe opsies ten opsigte van werksure - insluitende fleksietyd vir verpleegsters wat vir die beroep verlore geraak het as gevolg van die lang en moeilike werksure."



Trends in business education:

- Amanda Matthee

Competition, globalisation, economic uncertainties, demanding students and the search for top faculty are forcing us to rethink business education and its value. How has this changed the landscape of business learning?



Jeanette Purcell



Prof Eon Smit

In the last two years, applications for MBA programmes have decreased slightly, potential MBA students have become sophisticated clients, and more students opt for part-time and distance learning MBAs. Then there is the competition for and shortage of top faculty," says Jeanette Purcell, CEO of the international accreditation agency, the Association of MBAs (AMBA). She recently travelled from London to talk about international trends in business education at the 40th anniversary of the University of Stellenbosch Business School (USB).

According to her, the future of the MBA depends on:

- A modernised MBA that reflects today's business environment
- A real commitment to quality assurance
- Top business schools that differentiate themselves and that are truly global
- Enlightened employers and governments who are committed to lifelong learning and who understand the contribution which education makes to successful organisations, the economy and society.

Professor Eon Smit, director of the

USB, says international accreditation, internationalisation, just-in-time executive education, research output and the search for top faculty are among the main issues with which South African business schools are currently dealing.

"The stringent requirements of the three main accreditation bodies – EFMD (EQUIS), AMBA and AACSB – are causing business schools to become more homogeneous. As a result, top schools are forced to focus on their unique advantages.

"Accreditation is based on rigorous audits by international experts. It's not based on perceptions. I believe it is only through a process of auditing that an objective guarantee of international quality can be achieved."

Professor Smit says the international character of the USB is, inter alia,

shaped by its relationship with its overseas business school partners, the high percentage of international students, the number of international study tour groups visiting the USB, the flow of international faculty to the USB and USB faculty teaching at overseas business schools.

Professor Wim Gevers, USB's associate director: Academic, highlighted three new trends within the MBA itself.

"To meet the needs of the business industry,

"Accreditation is based on hard, rigorous audits by international experts. It's not based on perceptions. I believe this is the only objective guarantee of international quality."

MBA programmes, particularly in South Africa, should incorporate the development of leadership, entrepreneurship and mentorship abilities.

"The MBA must focus on leadership skills and the personal development of leaders. It should nurture entrepreneurial skills because a growing economy depends on the new ideas generated by entrepreneurs. In addition, the MBA must deliver mentors because black economic empowerment is also putting increasing pressure on managers to become mentors.

"The USB MBA has a particularly strong focus on leadership, entrepreneurship and mentorship."

- The USB has EQUIS and AMBA accreditation.




Foto: Anton Jordaan

Internationally, business is making greater demands on those who aspire to top positions.

One of the ways in which the University of Stellenbosch Business School builds intellectual capacity is via its full-time PhD, for which bursaries are available on a competitive basis. The School also offers a 5-day doctoral research training programme for prospective PhD students. In addition, the USB will soon launch an Executive PhD with emphasis on employable knowledge.

"The PhD in business administration is becoming a sought-after qualification internationally, as public and private enterprises strive to achieve higher levels of business excellence through research," says Prof Hein Oosthuizen, who is tasked with the launch of the new Executive PhD.

The demand for shorter business learning programmes to sharpen crucial business skills or to act as refresher courses has also increased phenomenally. USB Executive Development Ltd (USB-ED), the company that manages the USB's shorter management programmes, offers three 'streams' of programmes: comprehensive management programmes (for entry-level managers, senior managers and executives), specialist programmes (e.g. project, wine, financial, supply chain and labour relations management) and leadership programmes (e.g. strategic leadership and human capital management).

USB kyk padlangs terug

– Douglas Davis

Dat die USB vandag 'n onaanvegbare posisie onder die top sakeskole van die wêreld beklee, is grotendeels te danke aan die kaliber direkteure wat hom in sy bestaan van 40 jaar gelei het. Dit was merkwaardige, soms moeilike jare.

Die ontstaan in 1964 van die Bestuurskool het hoegenaamd nie met 'n oormaat geesdrif gepaard gegaan nie. Inteendeel. Daar was min begrip vir wat eerste direkteur prof Jan van der Meulen wou doen. Sy pogings is as 'onakademies' afgemaak, en dat dit nie by die US tuishoort nie.

'n MBA-graad het egter werklikheid geword en in 1964 het die eerste 14 MBA-studente met hul deeltydse studies in Bellville begin. Slegs deeltydse dosente, plaaslik en oorsee, is gebruik.

Die eerste vier heeltydse personeellede is in 1970 aangestel – Van der Meulen (direkteur), Helgaard Muller (senior lektor), 'n sekretaresse en 'n assistent.

Tweede direkteur prof Rob Tusenius het 'n baanbrekers-

program oor entrepreneurskap in 1973 as deel van die MBA-kurrikulum ingestel. Dit is wyd in die pers gerapporteer met opskrifte soos "The school that puts practice before theory".

Muller het in 1975 die derde direkteur geword en dié pos 13 jaar beklee – die langste nog van enige direkteur. Gedurende sy termyn is die USB 'in die bobbejaanhokke' agter die Karl Bremer-hospitaal in Bellville gehuisves.

'n Splinternuwe gebou en toegewyde personeel het in 1989 op prof Arminius Archer gewag toe hy die USB se vierde direkteur geword het.

Sy opvolger, Dave Tromp, het internasionale ooreenkomste gesmee, soos ook die huidige direkteur, prof Eon Smit, wie se agt jaar in die "warm stoel" gekenmerk is deur snel verandering.

"Die personeel moes aanpas by die bestuur van 'n openbare maatskappy vir nie-graadprogramme, en die vereistes wat 'n groeiende internasionale studentekorps en kliëntebasis aan hulle stel," sê Smit.

"Benewens akademici, gee mense van topposisies in die werkswêreld nou klas want die toekoms behoort aan daardie skole wat akademiese kundigheid met praktiese ervaring op die hoogste vlak aanvul."




Foto: Anton Jordaan

Partnerships through POLYMERS

A painted personalised coffee mug awaits all new recruits to the UNESCO Associated Centre for Macromolecules and Materials of the Department of Chemistry and Polymer Science.

Similar personal touches help students feel at home in a Centre where the 10:30 tea breaks can be a cacophony of languages, with the Afrikaans, English, Xhosa and Sotho of the South African students sprinkled with a bit of Arabic, German and French, amongst others.

With full-time or visiting students from South Africa, Libya, Germany, France, the Netherlands, Belgium, Bangladesh, Zimbabwe, the USA, Lithuania, Eritrea, Gabon, Uganda, Bulgaria, Italy and Zambia, the Centre is probably the most multicultural place on the Matie campus. In the past, training has been provided to Namibians, Australians, Russians and Turkish on research ranging from membranes, paper and paints to nanotechnology.

Prof Ron Sanderson, director of the Centre and the Institute for Polymer Science, initiated the Centre in 1996. It provides training on graduate and postgraduate levels in theoretical and experimental research and also teaching of macromolecules and materials under the UNESCO principle to ensure capacity building and the exchange of information across country borders.

It has an admirable track record to attract industry partners such as Mondi, Plascon and Sasol Polymers to co-fund practical research products that more often than not have patentable results.



There is great interest to study here, but as it is, with its current complement of staff (25), full-time students (63) and staff of in-house companies (15), it's bursting at the seams. The Centre aims to train students from developing countries in Africa and Eastern



Seated: Prof Ron D Sanderson, South Africa; Desi Ganeva, Bulgaria; Prof Bert Klumperman, The Netherlands; Dr Peter Mallon, South Africa; Dr Martina Meincken, Germany. Standing: Achille Bivigou-Koumba, Gabon; Nyambeni Luruli, South Africa; Omar Soltan, Libya; Howard Matahwa, Zimbabwe; Andrew de Vries, South Africa; Hussein Etmimi, Libya; Nadine Pretorius, South Africa; Gareth Bayley, South Africa; Austin Samakande, Zimbabwe; Werner Crous, South Africa; Estella Salamula, Uganda.

Europe where opportunities in this field are limited. For instance, after completing her doctoral degree, Zimbabwean Lilian Tichagwa, will return to the University of Harare to strengthen the polymer section within its chemistry department.

"We assist foreign scientists and students to obtain funds from international and individual member government agencies to be able to work here," explains Prof Sanderson, whose expertise helps to network with international contacts.

There were more than the typical adjustments to campus life for 19 Libyan students who joined the Centre last year in an initiative to ensure scientific training and research in a country that is still feeling the effects of sanctions. With valuable help from the SU international office, they spent much of last year learning English and writing with the Western alphabet, and are now, after attending several polymer courses, slowly finding their feet in the various research groups.

Despite initial scepticism about aspects like crime, the Libyan students have overcome many of the prejudices about a country they only

saw negative television coverage about.

"First-hand experience through these initiatives is the best possible marketing tool for our country," believes lecturer Mrs Elna McLeary. "Word-of-mouth about the 'Stellenbosch experience' attracts a lot of students to us."

Take German researcher Dr Martina Meincken for instance, who found her studies at the Centre so stimulating that she now holds a research position in the Scanning Probe Microscope laboratory. Her work on the advanced Multimode SPM Digital Instrument, used for high-resolution topographical images of surfaces, is only possible due to the Centre's focus on training students from other countries. It is the property of the Centre for Macromolecular Chemistry and Technology in Tripoli, Libya, but is on loan while the Libyan students study here.

To assist developing communities in macromolecular training, the Centre has also developed affordable educational packages (including multi-media, Internet-based and paper-based sets), laboratory demonstration kits and a free virtual teaching encyclopaedia. Leading polymer scientists also give tutorials at the annual conferences and workshops arranged by the Centre.

All this to ensure the Centre's vision to "be a national and an internationally renowned Centre for Polymer Science education and research!"

Blink klippies vir Afrika

Engela Duvenhage

N iemand wil hoor dat die juweelstuk wat geslagte lank in die familie is, niks meer werd is as 'n stukkie glas nie. Hierdie maagdraai-nuus moet ongelukkig gereeld oorgedra word wanneer beleggers en nuuskieriges hul "waardevolle" klippies na die Departement Geologie se Edelsteennavorsingsentrum (ENS) stuur vir sertifisering.

"Die augs bring twee Suid-Afrikaanse sakemanne vir my 'n meerkies te met 75 blouerige Tanzanietstene, in Tanzanië gekoop," vertel petroloog en ENS-direkteur prof Reyno Scheepers. "Nà ons gemmoloog, Dave Glenister, die fisies-chemiese eienskappe van die stene met internasionaal-erkende tegnieke bepaal het, kon ons net sestien stene as eg sertifiseer." Die skynbare spotgoedkoop kopie teen 53 000 Amerikaanse dollar was net 'n kat in die sak.

Edelsteen-sertifisering speel 'n belangrike rol in 'n bedryf waar namaaksels nie sommer met die blote oog uitgeken kan word nie. Dis jare reeds deel van die Laboratorium vir Gemmologiese Dienste aan die Geologie Departement, en val sedert sy stigting drie jaar gelede onder die ENS.

Die Geologie Departement se edelsteenversameling van al die belangrike sierstene en sierade (en natuurlik namaaksels ook) is van die grootste versamelings by 'n akademiese instelling in Suid-Afrika en is 'n nasionale bate wat betref die gebruik vir opleidingsdoeleindes. Die ENS sorg immers vir die opleiding en ondersteuning van voorgraadse studente in gemmologie en ondersteuning aan studente van die internasionale GIA en FGA diplomas.

Daarby werk magister en doktorsale studente saam met prof Scheepers om navorsing op edelsteenafsettings soos tanzaniet, toermalyn, robyne en saffiere in Namibië, Zambië, Tanzanië, Kenia en Mosambiek te doen.

Die ENS bied ook raad oor die effektiewe myn van edelsteenafsettings, die eksplorasië vir nuwe afsettings en die verbetering van mynboutegnieke deur die ondersoek van die geologie van bestaande myne. Daardeur kan mynkonsessiehouers besluit of geld verder ingeploeg moet word in 'n skag, en of 'n myn eerder beveilig moet word wat hoë gehalte stene kan lewer.

Die US is tans die enigste Suid-Afrikaanse universiteit wat werk op die geologie van tanzaniet, 'n waardevolle blou steen wat gewild is vir borsspelde en oorbelle. Omdat daar net een bron ter wêreld is ('n klein gebied naby Berg Kilimandjaro), reken handelaars dis "duisend keer meer werd as diamante".

Prof Scheepers en Bernard Olivier was "omtrent van die eerste oomblik" betrokke sedert die Suid-Afrikaans-gebaseerde AFGEM (nou Tanzanite One) 'n paar jaar gelede 'n mynkonsessie vir tanzaniet gekry het. Baie van dié maatskappy, wat op die Londense Effektebeurs gelys is, se goeie mynboubeginsels is danksy insette van die ENS, en staan in skrilte kontras met die werkswyse van ander myners. Olivier voltooi tans sy doktorsale proefskrif oor werk wat hy by

die myngebied in Fel.

'n Onlangse THRIP-toekening ('n eerste vir die Departement Geologie) fokus daarop om die gehalte van tanzaniet te verbeter deur effektiewe verhittings- en ander metodes.

Akademiese navorsing lei uit hierdie praktiese werk, aangesien baie gebiede vir die eerste keer wetenskaplik ondersoek word. Beurse en konsultasiewerk wat die logistiek agter die studentnavorsing regoor Suider-Afrika befonds, maak die ENS selfonderhoudend binne die Departement Geologie.

Prof Scheepers glo die Universiteit kan deur die ENS prakties betrokke wees by die opheffing van Afrika en die ondersteuning van die regering se NEPAD-beleid. "Meer daad moet by ons woorde gevoeg word om Afrika 'n belangriker rolspeler in die wêreld ekonomie van gekleurde edelstene te maak, asook op geologies-wetenskaplike gebied."

"Die praktyk om ongeslypte edelstene teen 'n appel en 'n ei in Afrika te koop, elders te verwerk en ten duurste te herverkoop, benadeel die kontinent se ontwikkeling.

"Opleiding van en raadgewing aan konsessiehouers sal uitbuiting in die gekleurde edelsteenbedryf help beperk, wat weer sorg vir bykomende werksgeleenthede en die opheffing van gemeenskappe."

Sowat 'n jaar gelede is 'n edelsteen-kursus deur prof Scheepers, kollegas en juweliers uitgesaai na sewentien plekke in Suid-Afrika. Hierdie tipe opleiding, glo prof Scheepers, sal die ENS in staat stel om Afrika en sy mense op te lei in edelgesteentes. Hy sou ook meer Afrika-studente wou betrek by navorsingswerk in hul eie lande.

Dis natuurlik as hy en sy groepie studente, wat byna maandeliks iewers in Afrika rondvlieg om 'n raadgewende verslag te skryf oor gesteenteafsettings, kans kry vir grondvat...

Tanzaniet goedgunstiglik voorsien deur Daneel Diamond Manufacturers van Stellenbosch.

Fakulteit Landbou- en Bosbouwetenskappe is vooruitstrewende leier in Afrika

Die Fakulteit Landbou- en Bosbouwetenskappe boer vooruit met studentegetalle wat gegroei het met 16% sedert 2002. Karin Theron het met die dekaan, prof Leopoldt van Huyssteen oor dié fakulteit se suksesse van die afgelope jaar gesels.

Volgens prof Leopoldt van Huyssteen, dekaan van die fakulteit, is kulle baie opgewonde oor die groei in studentegetalle. "Wanneer die studente van die Ebenberg Instituut vir Opvoeding wat nou ook by die LIS registreer, bygereken word, was die groei 27% sedert 2002," het hy gesê.

Hy reken ook dat dit interessant is dat daar 'n versuiveling was in die fakulteit se studentesamstelling sedert 1994. "Tans is 41% van ons studente vroulik en 16,7% van die totale aantal studente vanuit die aangewese groepe (swart) tesame 12,7% in 1999. As gevolg van uitsonderlike beurse wat beding is, het die aantal voorgraadse brule en swart studente wat reeds vir 2006 saam is meer as vertienvoudig vergelyk met dieselfde periode verlede jaar. Die feit dat die getal nagraadse studente gegrad het vaar 26,6% tot 32%, bevestig die sterk navorsingsgerigtheid van die fakulteit en die studente weet ook dat werk relatief vry is vir gegradueerdes in besit van ons professionele grade in die toegepaste wetenskappe."

"Kennisverwaring en samewerking met internasionale instansies was eweneens sterk en 'n aansienlike hoeveelheid gloepte het die buiteland besoek om lesings te lewer of kongresse by te woon. 'n Groot aantal van ons studente het ook hul nagraadse studie in die buiteland voortgezet wat die akademiese onderbou van die fakulteit verder sal versterk. Baie van hierdie studente is meermak gemaak deur Amerikaanse beurse wat aan ons studente toegestaan is," verduidelik hy. Wanneer hy terugkyk op die laaste paar maande, is prof Van Huyssteen besonder trots op die navorsingsuitsette van sy span. Hy het die volgende aspekte uitgelig:

• Groot sukses is behaal om inleiers op 'n natuurlike manier eerder as deur genetiese modifisering stelselmatig te maak. Prof Dries Retief wat een die hoof van dié projek staan, verhoog die inleiers wat bestaan in teen streepvleisde, grysblaarvleisde en Noordelike Maarskroed blare die volgende vier jaar kommersieel beskikbaar sal wees.

• Dr Vlak Fentins van Mediese Wetenskappe het pas 'n skouernak gemaak in die groeistadiums vir skaap met navorsing by die Nieu-Mexiko Staatsuniversiteit. Dr Fentins, wat 'n jaarsamstelling by die Nieu-Mexiko Staatsuniversiteit as buitengewone professor gedry het, het die navorsing deur gedoen omdat hier spesifieke antistofte deur 'n nuwe tegniek wat op leetate ontwikkel is, aan die skaap toegedien is.

• Nog 'n pluitjie vir die fakulteit is die goeie Midde-Oos mediese wet prof Sue Milton se bydrae tot die verstaaning van die rol van die natuurlike plantegroei in die Karoo. Sy het ook Thrup (Program vir Tegnologie en Molekulêre Hulpmiddels vir Nye werke) se jaarlikse toekoms vir uitbreidingswerk geseen. Prof Milton is die stigter van die studente in bewaringsbiologie, waarvan vier spesifiek op die rehabilitasie van geryne arce in Namakwaland werk.

• Dr Alison Leslie van die Departement Bewaringsbiologie het pas Earthwatch Instituut se Principal Investigator of the Year Award gewen vir haar en haar span se navorsingsprojek oor die krowodille van die Olovingo in Kenia.

Prof Van Huyssteen meen ook dat die fakulteit aan vanjaar weer eens bewys het as die Afrika-leier op sy gebied toe 14 Amerikaanse- en 25 Afrika-dekane van landbouwetenskappe vanjaar op Stellenbosch byeen gekom het om 'n strategie te bespreek oor hoe universiteite 'n groter rol kan speel in die bestryding van hongersnood en armoede in Suidelike Afrika.

Eenle Afrika-suksesse wat prof Van Huyssteen uitlig, is die volgende:

• Mading Maritz Mirtzer, 'n strategiese besaaiingsgewerkskapel wat spesifiek op die Suid-Afrikaanse agtergrond gebaseer is, die derde leer ooreenkomstige in samewerking met Cornell Universiteit van die USA in Stellenbosch gehou is. Die werkwinkel is bygewoon deur

Navorsingsuitsette in die vorm van publikasies en referate was weer eens vanjaar uitnemend in terme van beide gehalte en volume. Die fakulteit is een van die aangewings van US wat die vinnigste groei op die gebied.



Dr Vlak Fentins, Eksterne Mediese Wetenskappe van die Universiteit Stellenbosch.

vertreterwoordvoerders van 12 Afrika-lande en speel 'n groot rol in die uitbou van plaaslike kapasiteit en die bemagtiging van anderse produksie.

• Plastiek met ASNAPP (Agribusiness in Sustainable Natural African Plant Products) in samewerking met USAID, die wetenskap streek op 'n besonderse wyse werk vir verskeie benoemde gemeenskappe. Verskeide van gesamlede projekte is die verandering en subselektiewe bewaring van Heuningboske uit Namakwaland (Doe-Kamp), Rouboske uit Wapportal (Doe-Kamp), Heuningboske uit Eriksville (Pietzenberg) en die Hibiscusprojek in Eskom (KwaZulu-Natal). ASNAPP word vanaf Wetenskap en Landbou-ekonomiese gedryf en fondse vici deur ons streek.

Besiek gerus die fakulteit se webblad by www.starl.ac.za/afgric

60 jaar oud, maar Ingenieurswese maak nie reg vir aftree

- Liesel Koch

Op sestig tree die meeste mense af en word rustiger, maar na ses dekades dink die Fakulteit Ingenieurswese glad nie aan 'n stadiger pas nie. Inteendeel, hierdie voerpunt fakulteit stel vele vernuwings in die vooruitsig vir 2005.



Ingenieurswese se jaarlikse Opedag, wat reeds die afgelope veertig jaar gehou word, is baie gewild. Hier is Jessica Gunaselvam (links), 'n MScIng-student, besig om leerders meer te vertel van die Departement Meganiese Ingenieurswese se Dinamiese Sitplek-toetsfasiliteit.

Gemeenskaplike eerstejaar

Voornemende ingenieurstudente weet nie altyd watter ingenieursveld vir hulle die beste gaan wees nie. Hierdie dilemma is opgelos deurdat daar van volgende jaar af 'n gemeenskaplike program vir alle eerstejaars gaan wees. Dit sal hulle die geleentheid bied om vir 'n jaar eerstehands te ervaar waarvan hulle die meeste hou, en waar hul belangstelling en aanleg werklik lê. Só kan hulle 'n weldeurdatge besluit

neem in watter ingenieursrigting hulle vanaf hul tweede jaar wil spesialiseer.

Vakke in Afrikaans én Engels aangebied

Die fakulteit wil so toeganklik moontlik wees vir enigiemand wat aan die toelatingsvereistes voldoen. Daarom sal eerstejaar Matie ingenieurstudente van volgende jaar die keuse hê om hul klasse in Afrikaans óf Engels te loop.

Suid-Afrikaanse ingenieurs moet egter goed in beide tale kan kommunikeer en die fakulteit gaan sy studente met 'n vindingryke nuwe benadering bystaan. Engelsspreekende eerstejaars wat in 'n taalvaardigheidstoets gebrekkige vaardigheid in Afrikaans openbaar, sal modules in Afrikaanse taalvaardigheid neem, terwyl Afrikaansspreekende studente se Engels op soortgelyke wyse opgeknop gaan word.

Studente wat goed in beide tale is, sal modules deurloop in Entrepreneurskap en Professionele Kommunikasie, wat hul goed vir hul taak as praktiserende ingenieurs sal toerus. Die fakulteit is bekend dat hy studente met goeie probleemoplossingsvermoë aan die bedrywe lewer. Met hierdie nuutontwerpte eerstejaarsprogram sal die fakulteit nou ook goeie kommunikeerders die wêreld instuur.

Nuwe grade

Ingenieurswese hou sy vinger op die pols van nuwe ontwikkelinge en behoeftes in die bedryf en probeer vinnig reageer om in pas te bly. Internasionale tendense toon 'n groot aanvraag na megatroniese ingenieurs. 'n Graadprogram in Megatroniese Ingenieurswese is in 2002 ingestel en blyk uiters gewild te wees soos gesien kan word in die goeie groei in studente

getalle.

Daar is ook 'n al groter behoefte aan elektriese en elektroniese ingenieurs met gevorderde vermoë in rekenaaringenieurswese. Hiervoor word 'n doelgemaakte vierjaargraadprogram vanaf 2005 aangebied wat uiters gesogte ingenieurs met uitgebreide kundigheid op die gebied van sagtewareprogramme én hardware-apparatuur vir 'n nismark sal lewer.

Uitreikprogramme

Die fakulteit het ook begin om uitreikprogramme te loods om veral twee negatiewe persepsies aan te spreek. Dit is dat daar nog talle leerders en onderwysers is wat nie bewus is van die belang van Wiskunde en Skeinat nie en ook die wanpersepsie dat ingenieurswese slegs vir mans is. Daar word in aller yl gewerk om hierdie twee hindernisse die hoof te bied.

Seweduisend ingenieurs opgelei

Na ses dekades kan die Fakulteit Ingenieurswese met tevredenheid terugkyk na die suksesse wat behaal is: meer as seweduisend ingenieursgrade is toegeken wat in al die belangrikste oorsese lande erken word; Matie ingenieurs wat gesog en gerespekteer word; 'n fakulteit wat die grootste verskaffer van navorsingsinkomste by die Universiteit is en ook 'n nasionale leier op die gebied van basiese en toegepaste navorsing is; die internasionale aansien wat navorsers en akademici geniet; groeiende studentegetalle in veral nagraadse programme en talle vernuwings wat ingebring is.

Na sestig jaar het Ingenieurswese nou eers sy tweede asem gekry!

Ingenieurswese is nie slegs vir mans nie! Die afgelope twee jaar het die Fakulteit Ingenieurswese 'n Vroue in Ingenieurswese middag aangebied vir graad 11-meisies wat Wiskunde en Skeinat op hoërgraad neem om hul belangstelling in dié interessante beroep te prikkel. Op die foto is August Engelbrecht (fakulteitsbeampte en organiseerder) (agter heel links) saam met die gasspreker en haar venoot, 'n dosent, asook finalejaar en nagraadse studente vanuit die verskillende departemente wat ook die middag opgetree het. In die agterste ry langs August is Zaida Tofie (venoot van gasspreker), Emli-Mari Nel (Elektriese en Elektroniese Ingenieurswese), Lynne Pretorius (gasspreker, en oudstudent van die fakulteit) en Lara Kotzé (Prosesingenieurswese). Voor van links is dr Riana Geschke (dosent), Lizenka van der Walt (Bedryfsingenieurswese), Annie van der Westhuizen (Meganiese Ingenieurswese), Jessica Gunaselvam (Megatroniese Ingenieurswese), Lisa Alberti (Siviele Ingenieurswese) en Nicola Cencelli (Internasionale Perspektief).



Visuele kunste kry besitreg op sierlike, ou gebou

Beeldende Kunste se 40ste bestaansjaar in 2003 is vanjaar gevier met 'n uitstalling in die Sasol Kunsmuseum. Volgens Victor Honey, gaskurator daarvan, was dit 'n poging "om die lig te laat val op die werk van 'n verteenwoordigende 48 van die departement se honderde oudstudee. Dié onderrig het jong Maties, meestal Afrikaanssprekend, gehelp om hul eie ervaringswêreld – emosioneel, intellektueel asook fisies, polities en sosiaal – as die basis van kunsskepping te ontdek." HANS OOSTHUIZEN berig:

DIE BEELDENDE KUNSTE-GEBOU, een van die mooistes en mees geskiedkundige op die US-kampus, is pas binne gerestoureer, gemoderniseer en heringerig. Die eksterne restaurasie word later beoog omdat geld nie nou daarvoor bekikbaar is nie.

Dit was dié departement se tweede "tydelike" blyplek. Die eerste, nadat Beeldende Kunste in 1963 ingestel is, was in die destydse onderwyserskollege Denneoord se gebou – wat gesloop is om vir die huidige Konservatorium plek te maak.

Beeldende Kunste het oorkant die straat ingetrek – in 'n toe reeds verwaarloosde gebou waar die Hoër Jongenskool (nou Paul Roos Gimnasium) van 1907 tot 1946 gehuisves was en wat daarna die Ingenieursfakulteit se eerste gebou was.

Victor Honey, 'n afgetrede dosent van Beeldende Kunste, onthou die lang stryd om 'n permanente, gerieflike – en veilige! – tuiste vir die departement. "Die gebou se toestand was vir dekades lank 'n verleentheid as ons byvoorbeeld besoekende akademici of voornemende studente en hul ouers daar moes ontvang."

Honey wat sedert 1974 tot sy aftrede hier gedoseer het en verskeie kere waarnemende departementshoof was, sê Beeldende Kunste se statuus het deur die jare gegroei totdat dit nou 'n leidende plek in die land beklee. "Die Universiteit het Beeldende Kunste se belangrike plek op die kampus herbevestig. Vir die eerste keer is hier netjiese werk- en doseerruimtes – én toerikende toerusting."

Die bou- en restaurasiewerk is volledig binne 'n jaar afgehandel onder leiding van die US se Afdeling Fasiliteitsbestuur, terwyl van die personeel- en studentebedrywighede (soos die onderrig in juweliersontwerp) ondanks die ontwrigting moes voortgaan! "Met deeglike beplanning kon ons kernbedrywighede met so min ongerief as moontlik aangaan terwyl daar gebou is," vertel prof Sandra Klopper, die huidige departementshoof.

Sy, ander personeellede van Beeldende Kunste en veral prof Alan Alborough het met die argitek, ingenieurs, boukontraakteur en personeellede van Fasiliteitsbestuur saamgewerk aan dié verbeeldingryke projek.

Die elektriese bedrading van die hele gebou is

onder andere vervang. Op party plekke is staalkappe bygevoeg om die dak te versterk. Die hoë (voorheen onbenutte) dakspasie is vernuftig as werkplek vir nagraadse kunsstudente ingerig, wat die beskikbare ruimte in die gebou aansienlik vergroot het. Alle laboratoriums is ook heeltemal nuut oorgedoen.

Die ongerieflike, hoë, swak benutte hooflesingsaal (eertydse skoolsaal) is omskep in 'n skonekunsesaal met 'n tussenverdieping (mezzanine). 'n Nuwe, funksionele lesingsaal vir 150 studente met die modernste elektroniese doseertoerusting is aangebou – ook vir ander departemente en selfs vir verhuur aan buite-instansies.

Anglo Platinum het geld geskenk vir 'n nuwe platinum-werkwinkel op 'n tussenverdieping in die juweliersafdeling. Nuwe of heringerigte ruimtes is ook geskep vir onder meer fotografie, druk- en etswerk en grafiese ontwerp. Agter, langs die Neelsie-studentesentrum, is 'n nuwe studenteingang met 'n hyser wat toegang vir gestremdes moontlik maak en aflewering vergemaklik. Die gebou se voorheen onaansienlike binnehof is tot 'n gebruikersvriendelik kuierplek vir studente omskep.

'n Kenmerk van die herinrigting is dat ondergrigareas in spesialisvelde saamgegroeper is.

"Toe ek 30 jaar gelede as dosent by Beeldende Kunste aangesluit het, was die departement se reputasie binne en buite die universiteit ten beste problematies," sê Victor Honey. "Nou is dit anders. Die personeel probeer om die programstrukture, voor- én nagraads, vir alle moontlike studente relevant te maak."

Sandra Klopper sê daar is wêreldwyd 'n neiging om kuns onderrig volgens die Amerikaanse (teenoor die Europese) model "nie van ander intellektuele aktiwiteite te skei nie. Dit is immers nie anders as ander soorte navorsing nie."

Universiteite wat ernstig is oor die skeppende dissiplines "besef dat dié dissiplines aan die breë



Fotos: Anton Jordaan (SSFD)



personeel- en studentegemeenskap geleentehede bied om hul begrip en ervarings te verruim – nie net van kultuurgoed self nie maar van alternatiewe moontlikhede vir die vestiging en uitbreiding van die bestaande opvattinge oor wat dit beteken om intellektuele werk te doen."

Die personeel is vol vertroue. Studente doen van oral in die land af aansoek vir programme in Beeldende Kunste. Daar is planne vir onder meer nuwe nagraadse programme, 'n doktorsgraad met 'n praktiese komponent, 'n nasionale kongres vroeg in 2005, buitelandse besoekende dosente en dalk 'n naamsverandering na "Visuele Kunste" – as 'n meer insluitende definisie van wat die departement doen.

Maties was Paralimpiese Span se geheime wapen

Suid-Afrika se Paralimpiese span het met hulle prestasies vroeër vanjaar in Athene aan ons reënboognasie enorme vreugde en grenslose plesier verskaf, maar agter sulke prestasies is daar altyd deeglike voorbereiding – en dit het hier op die Matie-kampus plaasgevind. Hierdie suksesse het meegebring dat daar nou sterk sprake van sportvennootskappe in die toekoms is, wat Maties weer eens aan die voorpunt kan plaas. Douglas Davis vertel meer:

Die seevierende Paralimpiese Span het 'n geheime wapen gehad – Stellenbosch. Dis hier waar hul triomftog by die Paralimpiese Spele vanjaar in Athene gelanseer was. Die span kon in die Junie/Julie vakansie hier die voorbereiding geniet wat tot 35 medaljes (15 goud, 13 silwer en 7 brons) aanleiding gegee het – 'n algeheel 13de plek.

Dat die Universiteit, en meer spesifiek die Departement Sportwetenskap, dié atlete vanjaar so suksesvol met onder meer afrigting, kon bystaan, is grotendeels te danke aan die onbaatsugtige en toegewyde pogings die afgelope 21 jaar van 'n personeel van dié departement, me Corné Rossouw (sien artikel oor Corné). Sy word allerweë as die grondlegger van georganiseerde sport vir liggamlike gestremdes op nasionale basis in Suid-Afrika beskou.

Teen druktyd van hierdie uitgawe was dit 'n uitgemaakte saak dat 'n sportvennootskap vir die opleiding van sulke atlete, wat SA kan verteenwoordig – 'n hoë-profiel groep dus – aan Maties se Departement Sportwetenskap toegewys sou word. Onderhandelinge hiervoor is in 'n finale stadium.

Die geslaagde voorbereiding van 2004 se Paralimpiese span het 'n aanloop gehad wat in 1983 begin het met die eerste nasionale kampioenskapsbyeenkoms vir liggamlike gestremdes wat op Coetzenburg plaasgevind het – gereël deur Corné Rossouw. Terloops, die eerste voorgaande spesialiseringkursus in sport vir gestremdes is in 1985 hier ingestel met 'n verdere keuserigting in die honneurskursus in Liggaamlike Opvoedkunde wat 'n jaar later gevolg het – albei kursusse was 'n eerste in Suid-Afrika. Daarbenewens is Stellenbosch een van min universiteite wat sy geriewe én personeel deurentyd vir gestremdes se sport beskikbaar stel.

Ruim en beskeie gees wat sy is, is Corné erg beskeie oor haar volgehoue en inspirerende ywer rondom sport vir gestremdes aan Maties en wat dit alles tot stand gebring het. Maar almal wat daarvan weet, is dit eens dat Stellenbosch daarsonder nooit die eer sou gehad het om bv. die Paraiimpiese span hier af te rig nie.

Met die voorbereiding van die Paralimpiese span, meen Corné, was Stellenbosch uiters gelukkig om te kon staatmaak op 'n kerngroep Sportwetenskap-studente en personeel wat 'n lojaliteit ontwikkel het vir dit wat hulle meen moontlik is.

“Dié studente is al minstens die afgelope vier jaar betrokke – hulle het in hul derdejaar gespesialiseer in aangepaste bewegingsopvoeding en het ook vir honneursstudie dié rigting gekies. Hulle is 'n stewige groep wat Paralimpiese atlete se behoeftes ken en wat vorentoe bereid sal wees om aan te bly en steeds te help met afrigting wanneer ander van ons begin dink aan pas makeer of uittree. Die dosente en personeel se lojaliteit strek reeds oor baie jare en is bewys van hulle vermoë om sportdeelnemers met gestremdhede se lewens op 'n besondere wyse te verryk.”

Die Paralimpiese spanlede het die keuse gehad om in die Junie/Julie-vakansie minimum 'n week en maksimum vier weke hier voor te berei. Hulle koms het grootskeeps beplanning by Sportwetenskap geveeg. So bv. moes oefen- en toetsessies beplan word, die biokinetika-sentrum moes insette lewer, die Universiteit se mediese personeel moes betrek word, vervoer (wat 'n algemene probleem is) moes gereël word en daar moes ook na finansies gekyk word.

Corné stel dit so: “Ja, dit was geensins 'n 'one man show' nie en groot eise is aan ons almal gestel. Nagraadse studente, spesialis-afrigters en dosente het elke dag en in die naweke gewerk. Dae was lank van soggens vroeg tot saans laat – daar's nie halfvyf of vyf uur getjaila nie. Maar hulle het ingeklim, ook fisies betrokke geraak, onder meer deur rolstoel te stoot waar dinge ontoeganklik was, visueelgestremde atlete te lei, skoerieme vas te maak, kunsbene te help aansit en in die swembad swemmers te help om aan die gang te kom. Wonderlike vriendskappe is met die Paralimpiese spanlede gesmee. Ons en ons studente het die geleentheid gehad om te bepaal wat dié ouens se vermoëns is eerder as om te kyk wat hulle nie kan doen nie. Wat 'n voorreg om hulle so te kon bystaan.”

Twee van die studente is ook saam Athene toe. Suzanne Ferreira was





MGD het 'rimpels gemaak' in afgelope vier dekades

Soos 'n klippie rimpels in 'n poel maak, het Matie Gemeenskapsdiens (MGD) in die afgelope vier dekades verandering gebring in die studentegemeenskap, onder Universiteitspersoneel en in die gemeenskappe wat deur MGD bedien word.

Só het MGD se direkteur, Joan Mödinger, vroeër vanjaar gesê by die organisasie se 40 jarige viering en hulde gebring aan die groepie geneeskundestudente wie se inisiatief in 1964 gelei het tot Uskor (die voorloper van MGD) se stigting en die eerste Matie-karnaval.

Sowat 1 000 Maties van die Tygerberg-kampus en ongeveer 70 dosente is steeds by weeklikse uitreikwerk betrokke en wat deel vorm van hul akademiese werk en kredietstelsel.

Mödinger het ook hulde gebring aan die personeel en studente se werk op Stellenbosch, veral die Geletterheidsprojek, Khanyisa Saterdagsskool, entrepreneurskap vir volwassenes en jeugentrepreneurskap.

Sy meen die waardes waarvoor Uskor/MGD van 1964 af al gestaan het, het in 1994 amptelik erkenning gekry – waardes soos om alle mense se waardigheid en gelykheid te erken en te respekteer; om deursigtigheid en inklusiwiteit na te volg; om aan almal die geleentheid tot holistiese bemagtiging te gee; en dat elkeen as trotse Suid-Afrikaner kan leef, as 'n bate vir ander mense. "Ubuntu, 'n mens is 'n mens deur ander mense, wat van die begin af 'n dryfkrag agter alle MGD-uitreike was," het 'n slagspreuk geword.

Mödinger glo daar wag 'n uitdagende en opwindende tyd vir die MGD. Die Gemeenskapsinteraksie-beleid gaan MGD-programme nog nader aan akademiese fakulteite trek. En sy verwag nouer samewerking by Tygerberg Ukwanda en op Stellenbosch met die relevante akademiese departemente.

Prof Russel Botman, Viserektor: Onderrig, wat die geleentheidspreker was, het gesê dat die verband tussen die akademie en gemeenskapsinteraksie in die hoër onderwys al belangriker gaan word.

"Gemeenskapsinteraksie en insette uit hierdie omgewing sal deurslaggewend wees in die verwagting dat die Universiteit se akademiese program – Leer en Onderrig sowel as Navorsing – responsief sal wees t.o.v. sosiale toestande."

Hoe die Universiteit aan die nasionale transformasie-doelwitte voldoen, gaan ook gemeet word met die komende gehalteversekeringsoudit wat in Oktober volgende jaar by die US gedoen word. "Die betrokkenheid van gemeenskapsinteraksie by die oudit het direk te doen met die erkenning dat dié interaksie 'n belangrike bewysvoering is van 'n instelling se nakoming van transformasiedoelwitte."

- Vir meer inligting oor die MGD, skakel Joan Mödinger by (021) 808 3639, e-pos jmodingr@sun.ac.za of besoek die webblad by www.sun.ac.za/mgd



Rolspeling sigbaar in rekenaarsentrum vir plaaslike gemeenskap

Die Universiteit se verbintenis tot aktiewe rolspeling het gelei tot die opening van 'n rekenaarsentrum by 'n plaaslike hoërskool in Stellenbosch.

Mnr Cameron Dugmore, die Minister van Onderwys in die Wes-Kaap Provinsiale Regering, het die rekenaarsentrum by Kayamandi Hoërskool geopen. 'n Onderbenutte kamer is omskep vir dié doel en die skool spog



Wenspan. Vlnr is mnr Maphelo Ntshanga, hoof van Kayamandi Hoërskool, Antoinette Smith-Tolken, projekbestuurder, mnr Cameron Dugmore, onderwysminister, dr Scotney Watts en prof Chris Brink, rektor van die US.

"Behalwe vir 'n dataprojektor en drukker wat nog dringend benodig word, behoort die Sentrum selfonderhoudend bestuur te kan word vir die volgende twee jaar. Ons sal egter dringend moet begin beplan om nuwe rekenaars teen 2006 of op die laatste 2007 aan te skaf."

Die langtermynbeplanning is dus dat die skool self 'n volhoubare inligtingstegnologieprogram onafhanklik van die Universiteit bestuur," het sy gesê.

Een van die projekte wat uit die samewerking voortvloei, is dié van die Departement Bewaringsekolgie met dr Scotney Watts as projekbestuurder. Die doel van die projek is om geselekteerde leerders wat die potensiaal het vir tersiêre studie, toe te rus met vaardighede sodat hulle toelating kan kry vir studies in wetenskap, tegnologie en ingenieurswese. Die eerste stap in hierdie voorbereiding is dat hulle rekenaargeletterd en -vaardig moet wees sodat hulle toegang tot aanlyn-inligtingsbronne kan kry. Hiermee saam is daar dan die belofte van beurse vir universiteitstudie en loopbane waaraan daar tans 'n behoefte is.



"Die Universiteit se rolspeling in gemeenskappe bestaan nie net daaruit om fasiliteite te skep nie, maar ook om mense te bemagtig om dit sinvol te benut."

nou met 'n goedtoegeruste rekenaarsentrum met 32 rekenaars met internet- en e-posfasiliteite.

Volgens Antoinette Smith-Tolken, waarnemende hoof van Gemeenskapinteraksie en bestuurder van die projek, het opvoerders by die skool het reeds in 2002 'n dringende behoefte aan informasietegnologie uitgespreek. 'n Span, bestaande uit personeellede van verskillende afdelings by die Universiteit, is toe gemobiliseer om in vennootskap met die met die skool gehoor te gee aan die versoek. Kontantdonasies van verskeie instansies, insluitend 3M Suid-Afrika, het die projek ondersteun.

Personeellede by die skool word tans opgelei om rekenaarvaardighede aan leerders in alle grade oor te dra en om rekenaars te gebruik om die kwaliteit van hul eie onderwys te verbeter.



Mnr Cameron Dugmore, mnr Maphelo Ntshanga en prof Chris Brink tydens die opening van die sentrum.

Foto's: Hennie Rudman (SSFD)

Stellenbosse Internasionale Kamermusiekfees 'n dawerende sukses

Eerste in sy soort in Suid-Afrika

Adriaan Fuchs



Suid-Afrika se eerste internasionale Kamermusiekfees en slypskool vir strykers, blasers en klavier, wat vroeër vanjaar deur die Departement Musiek aangebied is, was 'n dawerende sukses. Vanweë ongehoorde publieke belangstelling, vol konsertsale en dubbel die getal deelnemers as wat verwag is, is daar besluit om hierdie fees 'n jaarlikse instelling op die Stellenbosse musiekkalender te maak.

Sewentien konserte deur top internasionale en nasionale kamermusici en studente is tydens die tien dae lange fees aangebied. Uitgenooide gaste het studentegroepe en musici van die Universiteit van Kalifornië, Los Angeles (VSA), die Hochschule für Musik und Theater, Zürich (Switserland) en die Universität für Musik und Darstellende Kunst, Graz (Oostenryk) ingesluit. Kamermusiekgroepe van die Universiteite van Stellenbosch, Kaapstad, die Vrystaat en Pretoria, sowel as hoërskoolleerders van regoor Suid-Afrika, het bygedra tot die sowat 100 feesdeelnemers.

Onder die bekwame leiding van die bekroonde Stellenbosse pianis en hoof van die Departement Musiek se klavierafdeling, prof Nina Schumann, het die fees almal se verwagtinge oortref. Plaaslike studente is verryk en begeester deur die samespel met buitelandse musici, sommige wenners van verskeie internasionale kompetisies. Volgens prof Hans Roosenschoon, direkteur van die Konservatorium, is 'n jaarlikse musiekfees soos hierdie "ideaal om wedersydse bande met musici in die buiteland

te verstewig, en Stellenbosch internasionaal te vestig as 'n eersterangse kamermusiekbestemming."

Meestersklasse in kamermusiek is deur sewentien van Suid-Afrika se voorste kamermusici, asook besoekende buitelandse kunstenaars aangebied. 'n Omvattende uitreikprogram, wat senior plaaslike en buitelandse musikstudente die geleentheid gebied het om skole en musieksentrums in Idasvallei, Kayamandi en Paarl te besoek, het ook deel gevorm van die fees. As deel van 'n mentorprogram kon ervare musikstudente as mentor optree vir 'n student van die uitreikprogram.

By die Departement Musiek word daar reeds geesdriftig beplan aan volgende jaar se fees. Konsertgangers kan verseker wees dat volgende jaar se fees selfs groter en beter sal wees as vanjaar s'n. Die feesorganiseerders is verheug om aan te kondig dat dr Jon Robertson, bemaande dirigent van die Redlands Simfonie-Orkes in die VSA, weer ingestem het om volgende jaar se Fees Simfonie-Orkes te dirigeer. Ander musici wat ook reeds bevestig het, sluit in Abel Pereira, voormalige horingspeler van die Berlynse Filharmoniese-Orkes en tans eerste horing van die Porto Nasionale Simfonie-Orkes, asook die bemaande Zagreb Strykkwartet.

Vir meer inligting kontak Adriaan Fuchs, skakelbeampte van die Departement van Musiek en van die Konservatorium, Universiteit Stellenbosch, tel (021) 808 2343, e-pos: afuchs@sun.ac.za

Kamermusiek is musiek wat deur 'n klein ensemble musici (gewoonlik drie tot vyf spelers en gewoonlik nie meer as agt nie) uitgevoer word. Die "kamer" verwys na die destydse gebruik om sulke musiek, veral tydens die 19de eeu, in 'n kamer of klein saal uit te voer, om sodoende die intieme karakter en nuanses van die musiek beter na vore te bring. Vandag word kamer-musiek egter selfs in konsertsale uitgevoer. Daar is nie 'n dirigent betrokke in kamermusiek nie, en daar is slegs een speler per instrumentale party, in teenstelling met 'n orkes, waar 'n aantal musici een party speel.

Sommige musiekkenners reken dat kamermusiek een van die mees gesofistikeerde vorms van musiek is, a.g.v. die fyn samewerking en uiterste musikaliteit wat van elke speler vereis word.



Vlnr is prof Hans Roosenschoon, hoof van die Departement Musiek, Marisa Bushman (altviolis); Sasha Tseitlin (violis); Rebecca Kappen (violis); dr Jon Robertson (gasdirigent van die Fees Simfonie-Orkes) en Christopher Ahn (tjellis).

Stellenbosch Biokinetikasentrum amptelik op Coetzenburg geopen

Die Stellenbosch Biokinetikasentrum op Coetzenburg, 'n gesamentlike onderneming tussen die Universiteit en die Medi-Clinic hospitaalgroep, is vroeër vanjaar geopen.

'n Ooreenkoms vir die gesamentlike bedryf van die sentrum het vroeg vanjaar al van krag geword, nadat die US se Departement Sportwetenskap dié hospitaalgroep genader het om 'n sakeplan vir die sentrum op te stel – sodat dit kommersieel bedryf kan word om fondse te genereer wat in opleiding teruggeploeg kan word. Die sentrum is volledig toegerus met nuwe apparaat en die geriewe is opgegradeer met finansiering wat deur Medi-Clinic beskikbaar gestel is. Medi-Clinic verskaf ook bestuursondersteuning en finansiële administrasie. Studente wat internskappe by die sentrum doen, word aan 'n groter pasiëntbasis en aan privaat bestuurspraktyk blootgestel en kry ook die geleentheid om veral met hartpasiënte by die Panorama Medi-Clinic se biokinetikasentrum te werk.

Die sentrum verskaf reeds dienste aan die Stellenbosch Sport en Muskuloskeletale Forum, wat Stellenbosch as 'n uitnemende sentrum vir die behandeling van sportbeseerings en muskuloskeletale probleme sal vestig. Daar word voorsien dat die sentrum by uitnemendheid beskik oor die geriewe om sportlui te behandel – ook internasionale spanne wat Coetzenburg se geriewe gebruik.

Biokinetika se rol in gesondheidsorg is nog betreklik onderontwikkel, maar speel 'n groeiende rol in voorkomende geneeskunde en rehabilitasie. Die Universiteit is een van net twee instellings in die Wes-Kaap wat 'n voorgraadse kursus in sportwetenskap aanbied.

Prof Liesbeth Botha, Bestuurder: Innovasie by die US, het die ooreenkoms verwelkom en gesê gesamentlike ondernemings "kan 'n wen-wen situasie skep en is nog 'n manier om die universiteit se kundigheid in die mark te hefboom en waarde toe te voeg."

Sy het die vertroue uitgespreek dat dié ooreenkoms beduidend kan help om mettertyd 'n volhoubare derde geldstroom vir die universiteit te bied. Deur Medi-Clinic se betrokkenheid by die biokinetikasentrum het dié groep nou ook die geleentheid om by die opleiding van biokinetici betrokke te raak.

Die Fakulteit Opvoedkunde het oor baie jare heelwat geld in die sentrum belê en was ook nou betrokke by die vestiging van die vennootskap met Medi-Clinic. Die sentrum se beheerkomitee bestaan uit personelede van Opvoedkunde en Medi-Clinic, onder die voorsitterskap van dié fakulteit se dekaan, prof Tom Park.



Mnr Gert Hattingh van Medi-Clinic se hoofkantoor op Stellenbosch, prof Liesbeth Botha, prof Sthinus Barnard, voorsitter van die Department Sportwetenskap, en mnr Bern van Niekerk, ook van Medi-Clinic, Stellenbosch.

Young scientist at Nobel Prize Awards!

For the third consecutive year, finalists from the Stellenbosch regional Eskom Expo for Young Scientists, organised by the University's Institute for Mathematics and Science Teaching (Imstus*), will represent South Africa internationally.

The Expo for Young Scientists is an international organisation that contributes to the development of scientific skills in learners through annual and national competitions.

Eighteen learners from the Stellenbosch region presented 15 projects at national level and competed against 450 projects from all over the country. According to national policy, these projects included learners from previously disadvantaged areas. Five of the Stellenbosch region's gold medal winners were chosen to represent South Africa internationally.

Of these five, four will attend the International Expo in Santiago, Chile, in 2005, while Colette Janse van Vuuren from Bloemhof Girls' High School in Stellenbosch, will attend the Stockholm International Young Science Seminar (SIYSS) in December 2004, held in conjunction with the Nobel Prize Awards.



Colette Janse van Vuuren is one of 30 young people from around the world who will present her research at the Stockholm International Young Science Seminar in December 2004, held in conjunction with the Nobel Prize Awards.

Colette presented a project in the medical field. According to her research, the DNA obtained from saliva and buccal swab samples amplified sooner than that in the blood. They are therefore in certain cases suitable replacements for blood as a biological source for DNA analysis. With this project she won the prestigious Derek Gray Memorial Award.

The investigative process plays a major role in a learner's cognitive activity of creating meaning and structure from new information and experiences.

The Eskom Expo for Young Scientists is an ideal platform for learners to display their research, receive feedback on their projects and compete with their peers.



Nonkuthalo Xapile received a bronze medal for her project entitled "People living with HIV/Aids are discriminated against".

Due to dedicated training efforts by IMSTUS, the participation, as well as the standards and results have improved each year. This year 284 participants from 33 schools exhibited their projects in Stellenbosch

"IMSTUS' core purpose is to enrich and transform Mathematics and Science education in the classroom by empowering teachers and learners from previously disadvantaged communities.

Uitsonderlike sport-er vir drie US werknemers

Earl Hendrikse, Morné Daniels en André Gabriels het die afgelope ruk in drie van die land se voorste sportsoorte, t.w. krieket, sokker en rugby, hulle stem dik gemaak. En alles dui daarop dis vir elk van hulle net die begin van veel groter dinge.

Hendrikse het in Julie vanjaar sy buiging as internasionale krieketskeidsregter gemaak toe hy deur die Internasionale Krieketraad aangewys is om die wedstryd tussen Uganda en Kenia te hanteer. Dié ondervinding, sê hy, sien hy as die eerste stap boontoe.

"My ideaal is om eendag tussen lande soos Australië en Engeland die wit jas te dra."

Hendrikse het reeds in 'n kort tyd heelwat sukses behaal. Hoewel hy so onlangs soos 1999 die eerste keer as skeidsregter in die Boland begin diens doen het, is hy die vier seisoene daarna as dié unie se top-skeidsregter aangewys. Na afloop daarvan is hy in die paneel van die SA Verenigde Krieketraad – waar SA se top 20 skeidsregters verteenwoordig is – opgeneem. Hy het toe 'n uitmuntende seisoen beleef en 'n gemiddelde persentasie van 98,8% behaal – soos beoordeel deur spanne ná wedstryde.

Hendrikse, wat in diens van die US Drukkery is, het ook as speler uitgeblyk en was o.m. drie jaar kaptein van die Boland Kavalierspan wat in 1996 die SA plattelandse trofee verower het.

Daniels is reeds 'n nasionale sokkerskeidsregter van formaat en word gereeld op televisie gesien as fluitjieblaser in groot wedstryde. Hy het in

2002 al 'n skeidsregter in die Premier Sokkerliga (PSL) geword en in dieselfde jaar die fluitjie in die kragmeting tussen Kaizer Chiefs en Bushbucks hanteer. In 1999 het hy in die o.17 Coca Cola nasionale kriekettoernooi geblaas en is as skeidsregter van die toernooi aangewys. Daarna het hoër louere – die PSL – gevolg en sy optrede as 'n voortrefflike skeidsregter in dié liga het aan hom landswye bekendheid besorg.

Daniels is uiters bedrywig in die gemeenskap en bied gereeld werksinkels aan vir plaaslike afrigters in samewerking met die Stellenbosch Sokkervereniging

Hy is beskeie oor wat hy al in sokker vermag het. "My groot deurbraak sal wees wanneer ek aangewys word om 'n internasionale kragmeting te hanteer. Dit sal 'n enorme dag in my lewe wees."

Daniels ken teleurstelling. Hy was as 18-jarige 'n uitmuntende sokkerspeler, maar 'n ernstige kniebesering het 'n belowende loopbaan kortgenip. Hy is ook gek na muurbal en lees elke dag soveel koerante hy kan. Hy werk by die Buro vir Ekonomiese Ondersoek.

Gabriels het vanjaar diens gedoen as skakelbeampte van die WP Rugbyvoetbalunie vir die Super 12-spanne soos die Highlanders, die Hurricanes en die Bulls en vir die toerspanne van Ierland en Wallis. Hy het hom deeglik van sy taak gekwyt en sal gevolglik aanstaande jaar soortgelyke diens lewer t.o.v. die Super 12, ook wanneer internasionale spanne soos Frankryk



Foto: Anton Jordaan

André Gabriels, Earl Hendrikse en Morné Daniels

hier toer en in die Drie Nasies reeks.

André, wat ook by die US Drukkery werk, het reeds baie van die internasionale spelers goed leer ken en onder meer 'n vriendskap met die All Black-kaptein, Tana Umanga, wat ook die Hurricanes aangevoer het, gesmee. "Hy is 'n besonderse mens – wat 'n sportman, wat 'n leier! Ek het vir hom die hoogste agting en sien uit om hom weer te sien."

André het onlangs sy SA-rugbydas en -trui vir diens as skakelbeampte ontvang.



yf van vanjaar se Springbokke het bande met Maties as óf oudstudente óf as spelers wat by die Matie-klub geregistreer is. Hulle is (vlnr) Schalk Burger, wat ook aangewys is as die ABSA SA Rugbyspeler van die Jaar 2004; Gaffie du Toit, Breyton Paulse, Jean de Villiers en Neil de Kock. Met die ter perse gaan van *Matieland* was Burger, Du Toit, Paulse en De Villiers deel van die span wat in die Britse Eilande gaan toer het.

Foto's: www.TouchlinePhoto.com

Woordfees: *meer as 'n fees*

Die Woordfees is wyd bekend as 'n suksesvolle fees, maar min mense besef die omvang van al die ander projekte wat jaarliks deur die Woordfeeskantoor georganiseer word. Die grootste hiervan is WOW – die "Woorde open Wêreld"-projek wat die Afrikaanse letterkunde aan leerders uit voorheen benadeelde gemeenskappe bekendstel. Die Woordfees neem skrywers na die skole om leerders te vertel

oor kreatiewe skryfwerk en hoe letterkunde hul lewens positief kan beïnvloed. Tydens hierdie skoolbesoeke word die Graad 12-leerders ingelig oor die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte en die moontlikhede om aan die Universiteit Stellenbosch te studeer.

Skrywers soos Abraham de Vries, Elias P. Nel, George Weideman, EKM Dido en Petra Müller is met geweldige entoesiasme ontvang by die

skole wat aan die eerste rondte van hierdie projek deelgeneem het en die suksesstorie van dié besoeke het so versprei dat byna 60 skole in die Wes-Kaap reeds bevestig het dat hulle Woordfees-skoolbesoeke wil ontvang. Hierdie besoeke vind vroeg in volgende jaar plaas in aanloop tot die "Woorde open Wêreld"-dag tydens die jaarlikse Woordfees. 600 leerders en 60 opvoeders word na Stellenbosch kampus gebring om deel te neem aan die gratis WOW-program – 'n dagprogram vol relevante werksinkels, skrywersprogramme, drama, musiek en kampustoeë.

Die eerste LOTTO WOW-dag het vanjaar plaasgevind by Woordfees 2004 in samewerking met die Stigting vir Bemagting deur Afrikaans (SBA) en die US se Sentrum vir Voornemende Studente. Dit was 'n groot sukses en die leerders het tot laat saam met Pop Idol Poseletso en die Brasse vannie Kaap gekuier.

Die Woordfees se WOW-projek beteken baie vir hierdie leerders, soos Celeste Nel van die Sentrum vir Voornemende Studente dit stel: *"Ek dink die Woordfees was uiters geslaagd. Onderwysers het opvolgafsprake gemaak om by hulle skole te kom gesels. Ek het ook 'n briefie van 'n student van Scottsville gekry wat sê dat sy by die Woordfees die eerste keer die Universiteit gesien het en dat haar droom om hier te studeer nou binne haar bereik is."*

• Vir meer inligting kontak Naomi Bruwer by tel 021 808 2901 of e-pos woord@sun.ac.za



Foto: Naomi Kranholdt

Brasse vannie Kaap

Twee US publikasies wen Unitech toekennings

Twee van die Afdeling Bemaking en Kommunikasie se publikasies het toekennings gewen by die Unitech Excellence Awards-funksie vroeër vanjaar. Die twee eerste plekke was in die kategorie vir jaarverslae en vir eksterne publikasies.

Volgens Susan van der Merwe, Hoof: Bemaking en Kommunikasie, is dit belangrik dat 'n jaarverslag by die strategiese doelwitte van die Universiteit moet aansluit. Aangesien prof Chris Brink, Rektor en Visekanselier, verlede jaar in sy middel-jaartoespraak die Visiestelling 2012 bekend gestel het en die visiestelling daarna tot vyf hoofpunte verkort is, was dit die ideale geleentheid om die visiestelling die tema van die jaarverslag te maak. Uittreksels uit die middeljaartoespraak wat die visiestelling beklemtoon en aanvul, is as grafiese element in die verslag gebruik om die boodskap te versterk. In die Rektorsverslag 2003 is 'n dubbele fotoblad aan die nuushoogte-punte van die jaar afgestaan.

Die Universiteit se Voorgraadse Prospektus het die eerste prys vir eksterne publikasies gewen. Dit is selde dat 'n prospektus met hierdie



Willemien Klinger, Susan van der Merwe en Mattie van der Merwe

prys wegloop, maar die koste-effektiwiteit waarmee die publikasie geproduseer is, die goedgemotiveerde doelwitte en die funksionele uitleg daarvan het alles saamgewerk om die deurslag te gee.

Willemien Klinger is die redakteur van die Rektorsverslag 2003 en Mattie van der Merwe die redakteur van die Voorgraadse Prospektus. • Unitech is die vereniging vir bemakings-, kommunikasie- en fondswerwingspraktisyns van die verskillende tersiêre instansies in Suid-Afrika.

Veeltaligheid en dekade-van-demokrasie sing-sing gevier



die kleurvolle uitnodigings, programme en dekor die ryke diversiteit van tale, kulture en mense weerspieël.

Die koor, onder leiding van Johan de Villiers, het onder meer uittreksels gesing uit die *Mes sa da Boa Esperanzo* deur die komponis Lungile Jacobs Ka-Nyamezela, wat ook die geleentheid bygewoon het.

Die *Messa* is 'n viering van die Suid-Afrikaanse droom in al elf landstale: 'n dekade van vryheid. Die wêreldpremière van die *Messa* het plaasgevind gedurende die koor se toer na Ne-

waartydens ons vennote uit die verskillende sektore bedank vir hul ondersteuning, gekoppel aan die Universiteit se dekade-van-demokrasieviering," sê Susan van der Merwe, hoof van die afdeling Bemaking en Kommunikasie. Dit sluit aan by twee onderdele van die Universiteit se vyf-punt visiestelling: rolspeeling in die Suid-Afrikaanse samelewing en die bevordering van Afrikaans in 'n meertalige konteks.

In die programvoorwoord skryf prof Chris Brink, Rektor en Visekanselier: "Ons glo dat deel van die Universiteit se uitnemendheid lê in die mate waarin ons deelneem en leiding gee in die burgerlike gemeenskap, die aanspreek van sosiale probleme en die skepping van welvaart. Ons wil ook ons verbintenis met Afrikaans behou, en hoop om dit te doen sonder arrogansie en sonder onderwerping, gewoon net as iets wat natuurlik voortvloei uit die diverse veeltaligheid van hierdie land."

Martie van der Linde, die skakelbeampte verantwoordelik vir die funksie, het gaste verras met lang tafels, selfs teen die skuinste van die Endler se foyertrappe op en goedkoop, dog treffende tafeldekor van sellofaanrepe in die kleure van die landsvlag van hoë kandelare af oor die tafels gedrapeer. Die aand is afgesluit met koffie en klein truffels – elkeen met landsvlag versier.

'n Viering van Suid-Afrika se veeltaligheid – só het die Universiteit Stellenbosch in September vanjaar die dekade van demokrasie gedenk met 'n uitvoering deur die Stellenbosch Libertaskoor

Die kooruitvoering is voorafgegaan deur 'n skemeronthaal vir die sowat 400 gaste in die foyer van die Endlersaal van die Konservatorium. Die gaste se uitrustings het in aansluiting by

derland, België en Duitsland in November. Gert-Jan Buitink, 'n Nederlandse ingenieur met 'n belangstelling in en 'n passie vir ander nasies en kulture, het die *Messa* geïnisieer en saamgestel. Buiten die dele van die *Messa* wat in Engels, Zoeloe, Afrikaans, Xhosa, Sotho en Tsonga gesing is, het die res van die uitvoering bestaan uit 'n repertorium van spirituals en volksliedjies uit die Amerikas en twee bekende Suid-Afrikaanse liedere in Afrikaans en Xhosa.

"Vanjaar het ons die jaarlikse geleentheid

Ya sakuta a-bhe- numu- ngulwini akawipya akubethayo akagrina engqandweni Ba sakuta ashedra naye ngolwini washu wenkhe akubethayo akagrina enlityweni	Uma nshuqama nomandla ngokweni shwaxya akushya kaya engqandweni yakhhe Uma ushukama naye ngolwini ngalwini wakhe laka kuya enlityweni yakhhe	Arathi en- ambana mutha nge- luwini kum- shu pilisasa lu nwehlalho ngeluhanyi yawe Arathi en- amba naye nge- luwini luwini lu hawu lu dhanhu mbilini yawe	Fare hua le mutha ka- pua naye ih nganyany ya ya ya kwu- Ehenna ya gagwe Fare hua le mutha ka- pua ya gagwe se se ya kwa pelong ya gagwe	Loko u vulasula na mutha hi rimini kwi a nitalidaba soti ya enlityweni ya yena Loko u vulasula na yena hi nini ni yena sweswu swi wa enlityweni ya yena	Kwaubhulama nizumini ngubhumi lwakaba, laka kuya enlityweni yakhhe Kwaubhulama naye nge ulidini lwakaba, laka kuya enlityweni yakhhe	Lekha ukhulama nivalaba ngulwini shwaxya lakhin kuya elilaka yakhhe Lekha ukhululama naye ngulwini lakhhe lakhin kuya enlityweni yakhhe	Fare ka betele ka mutha ka peloni yena n kw'ibaga sen se ya lilagany ya gagwe Be o ka betele ka vesa ka potele ya paba se se ya pelong ya gagwe	Fare hua le mutha ka- pua naye ke hushang o n lwisaka Fare hua le yena ka keme ka habe, o mo ama pelong	If you talk to a man in a language he understands, that goes to his heart. If you talk to him in his language, that goes to his heart.	Prat met 'n man in taal wat hy verstaan, milt gaan na sy hart. Prat met hem in se taal, en dit gaan na sy hart.
--	---	---	---	---	---	---	---	--	--	---

Nelson Mandela

In aansluiting by die tema van veeltaligheid, is die uitnodiging se buitekant versier met 'n aanhaling van oudpresident Nelson Mandela in al elf landstale, elkeen in 'n ander kleur: "If you talk to a man in a language he understands, that goes to his head. If you talk to him in his language, that goes to his heart. Vir die programme is dieselfde visuele styl en taaltema gebruik om gaste te verwelkom. Die binnebladsye is in verskillende kleure gedruk om 'n reënboog-effek te skep.



Sien ook www.matiesalumni.net onder Klubs (Duitsland 4x4 Toer) vir meer inligting oor die toer en die Oudmatie Veldryklub.



Suid-Afrika in 'n bottel


'n Nuwe generasie, passievolle wynmakers met baie idees van hoe om Suid-Afrika se wynbedryf te bevorder, is besig om te ontluik. Dertien finalejaar studente van die Departement Wingerd- en Wynkunde in die Fakulteit Landbou- en Bosbouwetenskappe het Klub 13 gestig en die "Suid-Afrika in 'n bottel" wyn versny.

Hierdie is manne wat die leiers van die bedryf van môre wil word en hulle voel baie ernstig daarvoor dat die "ek en jy" wedywing onder produsente uitgewis moet word en dat almal eerder moet saamstaan en 'n "ons" benadering volg wat die hele wynbedryf tot voordeel sal strek.

Daarom, sê Stefan Gerber wat die voorsitter van Klub 13 is, het hulle 417 wynkelders genader om elk drie bottels rooiwyn aan hulle te skenk. Meer as 200 kelders het gereageer en al hierdie wyn is oopgetrek, in 'n tenk versny en weer gebottel as "SA in 'n bottel." Elke kelder wat wyn aan hulle geskenk het, kry een bottel van die versnit terug en die ander 600 bottels bemark hulle self.

Die wyn bestaan uit 40% Cabernet Sauvignon, 35% Shiraz, 20% Pinotage en die ander 5% bestaan uit Pinot Noir, Grenache Noir, Petit Verdot, Malbec, Sangiovese, Barbera, Cabernet Franc en Merlot. En natuurlik moes die wyn die "Proudly South-African-plakker" opkry!

Klub 13 is sowat 'n jaar gelede gestig deur 13 vriende. Onder hulle is Danie Steytler, Chris Bousterd en Francois Malan wat op wynplase grootgeword het. "Ons klub is baie gebalanseerd (sewe wynmakers en ses wingerdkundiges) want ons glo dat wyn in die wingerd gemaak en in die kelder beter gemaak




Klub 13 se manne besig om die "SA in 'n bottel" wyn in die vaatjie te tap. Voor (knielend) is Pieter Walsler en Stefan Gerber (heel regs). Agter is Alexander Milner, Stander Maas, Francois Malan, Hannes Meyer, Lourens Stander, Herman Potgieter, Danie Steytler en Jean-Pierre Botha.

word," verduidelik Stefan.

Hou Klub 13 dop, want julle gaan nog baie van hulle sien en hoor. Hulle is manne wat nie net praat nie, maar doen...!

Vir meer inligting, skakel 082 872 8658 of e-pos klub13@hotmail.com



ELEGANT SOUTH AFRICAN HOSPITALITY
STYLVOLLE SUID-AFRIKAANSE GASVRYHEID

EENDRACHT

AWARD WINNING BOUTIQUE HOTEL
PRYSWENNER BOETIEK HOTEL

In historiese Dorpstraat,
stapafstand van die
universiteit, 39 restaurante
en alle museums en teaters.



Dorpstr 161, Stellenbosch, South Africa

T: 27 (0)21 883 8843 • F: 27 (0)21 883 8842

E-mail: eendracht@iafrica.com

Website: eendracht-hotel.com



Die Voëlvry Protesbeweging en die Universiteit van Stellenbosch

Albert Grundlingh

Die Unieversiteit van Stellenbosch se kampus is alle jare vir dramatiese politieke studenteprotes bekend. Op die oog af wil dit voorkom asof aanvalle optrede vir alle ooreenstemmende getal wit Afrikaansepremiende studente nie 'n gekose vorm van politieke en sosiale uitdrukking is nie. Tog het dit 18 jaar gelede, in 1988, vir 'n vlietende oomblik voorgestaan asof daar meerlik 'n wending is.

Die tagtigerjare in Suid-Afrika is natuurlik deur landswye aanre en verset teen apartheid gekenmerk. Onder elemente van die Afrikaanse jeug was daar ook 'n mate van verontwaardiging oor gekose en sonderige besousyn het in die protesmaniere van die Voëlvrybeweging neerslag gevind. Met artistiese liriese en deur middel van roebusie is die spot met apartheid, verpligte militêre diens, Afrikaanse politieke leiers en middelklaswaardes gedryf. Onder die naam van "Voëlvry" het 'n aantal musikante deur die land getoer en veral op universiteitskampusse handig getrek. Aan die spits hiervan was persone wat mettertyd hulskaudelike bekendheid sou verwerf: Johannes Kerkorrel (Ralph Rabele) en alle latere Kooz Kombuis (Amné de Tait) wat homself as 'n Stellenbosse "homeboy" besitryf.

Voëlvry is verbied om op die US kampus op te tree. 'n Heftige debat oor hierdie verbod is in *Die Swager* kritiseer. Die universiteitsowerhede onder leiding van prof Mieke de Vries, het aangewys dat Voëlvry se optrede onfatsoenlik was – onder andere het hulle op die verhoor gevind – en dat die sonderige getal lynreg indruis teen wat as die vertynde koms van akademiese debatvoering beskou is. Niet egter waarskynlik onder aan die waarheid was, was dat die verbod daarmee te make gehad het dat die musikante alle deursydige president van Suid-Afrika en kanselier van die universiteit, PW Botha, geensdeken in hulle liriese gekogel het.

Van alle studente het alle verbod onaanvaarbaar gesind. Die US was lewens verontwaardig om die hartdard van "blanke" Afrikaners te wees. Protesvergaderings oor alle saak is goed ondersteun en daar is met bantre op die administrasiegebou afgemaars. Die rektor het ander saken gekom en daar is beweer dat by vrye debat op die kampus staan. Met vernuftige woordspeling het hulle die punt probeer maak. Een slaggrens het geles: "Mieke het Kerkorrel se mlie geles." Die verhaal het egter gebly en die Voëlvryansers het na Drie Gewels by Lynsloek uitgegaan.

Onder alle besprekende of van die Vreugheidsparade het ongeveer 4000 numoerige studente die koms bygewoon. Dit was vooraan asof die verhaal die bes meerklikke publisiteit was. Kombuis se openging was om die spot met die universiteitsowerhede te dryf deur daarop te sinneel dat die verhaal informel was. Die Afrikaanse idiomatiese "Siembaraba" is aangepas om te lui: "Siembaraba, Mieke bewaar sedes, x2, Voëlvry gaan die kampus aarles, taffe vir Mieke, ons is hier!"

Met die geswensdruwende politieke verifikasie van die 1980's het Voëlvry hulle nasional verloor en het die massante hulle nie weel gevolg. Wát was die betekenis van die beweging? Beterwas Afrikaanse mediale vernuwing het dit as koms geel van opgekapte politieke frustrasie onder 'n gedeelte van die Afrikaanse jeug. Die beweging het egter 'n beperkte politieke reikwyde gehad en die onmiddellike uitwerking moet nie oordryf word nie. Maar op die lang duur verbruimoonlik die beweging wel 'n hertarese maanert wat van uitgesproke Afrikaanse anti-apartheidsentimente getal. Herinneringe van Voëlvry vorm tans deel van die groter Afrikaanse kulturele erfdeel. Elemente onder die besiddende Afrikaanse jeug wat pang ons tot 'n vergelyk met die apartheidverlede te kom en op stak na 'n "skoon" verles is, beles tans Voëlvry, op 'n verskeide wyse as 'n herwysing om 'n welkome aan van 'n ophettende en apartheidsvrye Afrikaanse geskiedenis.

Die Departement Geskiedenis vier vanjaar sy 100ste bestaansjaar met die eerste lesing wat op 17 Februarie 1994 deur die Nederlander, prof Edeet-Molsbergen aangebied is. Eerfesvieringe is ingediel met die aanbid van die Historiese Genootskap van Suid-Afrika se Tweejaarlikse Geskiedeniskonferensie woer vanjaar. Prof Albert Grundlingh, departementshoof, het een van die lesings aangebied. Die tema was "Flooding the boat? The "Voëlvry" movement in South Africa: anatomy of Afrikaner anti-apartheid social protest in the eighties. Vir Matieland het prof Grundlingh 'n uittreksel geskryf.

in memoriam

Mnr JM (Jan) Bakkes (64) van Stellenberg. Oudinwoner van Huis Marais. Verwerf sy BSc in 1961, SOD in 1962 en sy MEd in 1983. Oudskoolhoof in Molteno, Franschhoek en van die Hoërskool Brandwag, Uitenhage.

Dr JJ (Koos) Barnard van Mosselbaai. Oudinwoner van Huis Visser – 1945. Verwerf sy BSc in 1949 en daarna 'n diploma in Openbare Higiëne in 1951. Hy het in die departement Waterwese gewerk en het in 2002 op Mosselbaai afgetree.

Mev HC (Hettie) Beder (née Krichner) (91) van Lynnwoodrif, BA in 1934, SOD in 1935 en DOSK in 1936. Oudinwoner van Harmonie waar sy ook primaria was en tot kort voor haar dood aktief in die Willow Haven Aftreeoord waar sy onder meer 'n Biblioteek opgebou het.

Mev SC (Sannie) Bellingan (née Crafford) (48) van Hermanus. Oudinwoner van Heemstede. Verwerf haar BComm in 1976 en haar HOD in 1978.

Mnr OD (Oscar) Beukes (43) van Idasvallei, Stellenbosch. Oudinwoner van Pieke. Voltooi sy BA-graad in 1999. Was werksaam by Parmalat, Stellenbosch. Oorlede 29 Mei 2004.

Dr ANG (Arnold) Blumer (58) van Stellenbosch. Dr Blumer het aan die Universiteit van Kaapstad studeer waar hy ook doseer het. Het in 1976 by die US aangesluit. Hy is in 'n Britse interneringskamp by die huidige Harare, Zimbabwe, gebore waar sy ouers, Duitse sendelinge in die destydse Tanganjika (nou Tanzanië), aangehou is.

Hulle het later in Kaapstad gewoon en hy het sy skoolopleiding in Duitsland voltooi. Hy het 'n goeie kennis van musiek en veral die teater gehad en het gedien in die komitee wat oor die toekening van die Fleur du Cap-toneelpryse moes besluit. Met sy vertalings uit Duits in Afrikaans wou hy verseker dat Afrikaans kan "saamgesels" met die wêreld-letterkunde. Onder die werke wat hy vertaal het, is die teaterstukke van Brecht in Afrikaans asook Gunther Grass se boek *Kreeftegang* wat vroeg in Maart vanjaar op Stellenbosch bekendgestel is. Andersom het hy ook die Afrikaanse romans *Vatmaar* en *Afdraai* van AHM Scholtz in Duits vertaal en sodoende die Griekwakultuur aan Duitse lesers bekendgestel.

Ds LP (Lourens) Conradie (60) van Senekal. Na 'n aantal jare in die sakewêreld skryf hy in 1979 aan Universiteit Stellenbosch in en hy behaal sy B.Th in 1981 en sy Lisensiaat in Teologie in 1982. Hy het 1981-1982 op die TSR gedien was in sy vierde jaar klasprimarius. In 1983 is hy in die NG Kerk Burgerspark in Pretoria georden en was daar werksaam tot Junie 2000.

Mnr TA (Tom) Conradie (78) van Linden, Johannesburg. Verwerf sy BSc Ing in 1956 aan die US.

Regter WE (Wilfred) Cooper (78) van Howard Place. Oudinwoner van Dagbreek – 1945. Verwerf

sy BA-Regte aan die US in 1947

Ds GM (George) Daneel (100) van Franschhoek. Oudinwoner van Wilgenhof. Oudste Springbokrugbyspeler. Hy was 'n leerling van Paul Roos en het Teologie aan die Universiteit van Stellenbosch studeer. Was kapelaan vir die troepe in Noord-Afrika en het bedank uit die NG Kerk om hom aan te sluit by Morele Herbewapening.

Mev JE (Juliana) de Villiers, afgetrede hoof van die Klavierafdeling in die Departement Musiek. Sy was 'n inspirerende klaviersdosent, beoordeelaar van verskeie kompetisies, solis en begeleier vir onder meer radio- en TV-opnames.

Mnr JJ (Hannes) de Wet (74) van Robertson. Oudinwoner van Wilgenhof. Voltooi die graad B.Sc in Landbou in 1953.

Mnr EP (Ted) Evans (76) van die Paarl. Oudinwoner van Helderberg – 1947. Verwerf sy BSc-Landbou in 1951 en sy MSc Argic in 1953.

Mnr TF (Tom) Fourie (81) van Stellenbosch. Oudinwoner van Dagbreek. Voltooi sy BA in 1943 en sy SOD (nagraads) 1944. Was 'n kranige skrumskakel vir Dagbreek, Maties, Van der Stel, Boland, Diggers (Johannesburg) en WP.

Prof GS (Sedon) Harrison, (75) van St James, verwerf sy PhD aan Wits en 'n tweede doktorsgraad aan Cambridge, sluit in 1983 by die destydse Departement Chemiese Ingenieurswese aan en word departementshoof in 1984 en beklee die posisie tot sy aftrede. Hy word onthou vir sy ywer om die programme in chemiese ingenieurswese uit te bou tot programme wat wêreldwyd erkenning geniet en gehalte van graduandi wat gelewer word. Was verskeie kere raadslid en ook president van die Suid-Afrikaanse Instituut vir Chemiese Ingenieurs en 'n genoot van SAICHI en IchemE. Hy was wyd-belese en Afrikaans, Engels, Duits, Frans, Italiaans, Japannees, Portugees, Grieks en Latyn magtig.

Mev JM (Marcha) Hartwig (83) van Stellenbosch. Vrou van prof Gerhard Hartwig, voormalige dekaan van Bosbou. Verwerf haar BA in 1940 en later haar MA (Engels). Sy word oorleef deur prof Hartwig (90) wat in 1979 afgetree het.

Mev Alta Hugo (85) van Stellenbosch, oudpersoneellid van Administrasie.

Mev EL (Evansa) Hugo (51) van die Paarl (née Helm). Oudinwoner van Heemstede, BA in 1974, HOD in 1975, onderwys gegee op Mooresburg, Pretoria, Nelspuit en die Paarl. Professionele tennis-afrigter in die Paarl van 1986 tot 2004.

Mnr (Jan) Kelder (90), van Stellenbosch. Was van 1941 tot sy aftrede op 31 Desember 1978 dosent in liggaamlike opvoedkunde (nou Sportwetenskap) aan die US. Hy is in 1913 in Assen, Nederland, gebore, en is in liggaamlike opvoedkunde aan die Akademie in Den Haag opgelei en het 'n diploma in swemonderwys van die Koninklike Nederlandse Swemverbond verkry.

In 1939 het hy en sy vrou na Suid-Afrika gekom. Nadat hy vir 'n tyd lank op Ermelo en Bethal skoolgehou het, is hy in Maart 1941 aan die US aangestel. In 1950 het hy 'n SA burger geword. As hokkiegeesdriftige het hy verskeie SA toere Brittanje en Europa toe gelei en hy was lank sekretaris van die SAU hokkie-unie. Hy het verskeie referate oor sportgeskiedenis by internasionale kongresse aangebied, het gereelde werksbesoeke aan 'n aantal Europese stede afgelê en het onder meer *Dis swemtyd!* geskryf en het 'n aantal artikels in vaktydskrifte en ander blaaië gepubliseer.

Mnr JL (John) Klaaste (28) van Blue Downs. Oudinwoner van Oude Molen. Verwerf sy BEcon in 1995 en sy Hons BEcon in 1996.

Prof JW (Charlie) Koen (66) van Somerset-Wes; MSc in kernfisika, DSc in eksperimentele kernfisika. Sluit by die US in 1964 aan as dosent in fisika. Benewens sy navorsingsbydraes was hy 'n gewilde en vernuwende dosent. Hy speel ook 'n leidende rol in die uitbouing van die fisika deur IWWOUS, 'n program vir die vestiging en ontwikkeling van natuur- en skeikunde onderwysers. Hy was ook 'n konsultant oor terminologie in fisika vir die WAT.

Ds AIM (Alwyn) Kriek (73) van Garsfontein was agtereenvolgens predikant in Eshowe, Daniëlskuil, Ogies, Voortrekkerhoogte (as kapelaan) en Primrose-Môrewag. Hy het aan UP, UOVS en US studeer waar hy die grade BA, MA en BD onderskeidelik behaal het. Met sy afsterwe het hy in Pretoria gewoon.

Mnr JP (Joachim) Louw (55) van Porterville. Oudinwoner van Dagbreek vanaf 1968-1970. Verwerf sy BComm in 1972 aan die US.

Mnr RA (Reginald) Louw (43) van Durlanden. Verwerf sy BRek en BRek Hons, beide cum laude 1981 en 1982 onderskeidelik. Was vanaf Julie 1989 as rekenmeester by Sanlam se Beleggingsafdeling werksaam.

Mr F (Frank) Lyons (70), from Somerset West, worked as glassblower at the Chemistry Department and coached the Maties soccer team for many years. He and his family immigrated to South Africa in 1962 and he joined the University in 1977.

Mej E (Lilly) Malherbe (28) van Klein-Drakenstein. Oudinwoner van Monica. Voltooi haar BA in 1997 en Hons.BA in 1998.

Mnr CC (Carel) Marincowitz (81) van Somerset-Wes. Inwoner van Dagbreek in 1943. Verwerf sy BSc in 1944 en sy BSc Ing in 1945.

Prof S (Siegfried) Maske (76) van Westcliffe, Johannesburg. Oudinwoner van Dagbreek. Verwerf sy BSc in 1948, sy MSc in 1951 en sy DSc in 1964.

Prof LM (Lucas) Mbadi (72) van Qumbu in Transkei, Oos-Kaap; het in 1983 MA in Afrika-tale met lof aan die US behaal; was studente-

in memoriam

dekaan en vanaf 1986 tot sy aftrede in 1991 viserektor van die Universiteit van Transkei; was ook 'n oudstudent van Fort Hare en die Rhodes-universiteit; en was onder meer ook verbonde aan die Universiteit van Kaapstad en Fort Hare-universiteit; was 'n isiXhosa-eksaminator vir die destydse nasionale onderwysdepartement asook 'n eksterne eksaminator vir verskeie universiteite; vanaf 1999 was hy 'n parlamentslid vir die UDM en later vir die ANC; na sy aftrede was hy onder meer betrokke by die heropbou van 'n opleidingskollege op Qumbu.

Mev MJ (Ria) Meyer (86) van Groenkloof. Voltooi haar BA-graad in 1938 en haar SOD in 1939. Oorlede 16 Januarie 2004 na 'n kort siekbed.

Mnr RB (Reinhardt) Moolman (72) van Parow. Het sy BComm in 1967, sy MBA sowel as sy Hons BB + A in 1975 verwerf.

Mnr AJ (Appie) Mouton (81) van Johannesburg. Verwerf sy BSc-graad in 1943 aan die US.

Mev CJ (Cecily) Muller (83) van Stellenberg. Oudinwoner van Huis ten Bosch (1939). Verwerf haar BSc Huishoudkunde aan die universiteit. Oorlede 30 Desember 2003.

Dr CFB (Beyers) Naudé (89) van Northcliff. Oudinwoner van Wilgenhof. Verwerf sy BA-graad in 1934 en sy MA in 1936 aan die US (sien berig op bl 6).

Mnr N (Norman) Nieder-Heitmann (83) van Mosselbaai. Oudinwoner van Dagbreek – 1940. Verwerf sy BA in 1942 en sy SOD in 1943.

Mnr JMT (Jan) Nortjé (84) van Moorreesburg. Verwerf sy BA en SOD in 1943 en sy BA Hons in 1960.

Ds JT (Theo) Pienaar (65) van Pretoria, het sy Kweekskoolopleiding in die jare 1966 tot 1969 in Matieland voltooi. Hy het as predikant gedien in die gemeentes Kimberley-Noord, Hartswater en Lichtenburg. Hy was ook altyd kunstenaar en tydens sy kweekskooljare het hy voorblaai vir die kweekskoolblad, plateomslag vir die Universiteitskoor en andere ontwerp. Hy het in die kweekskoolkoor o.l.v. prof Gawie Cilliers gesing en gedien op die Koor- en Polumniabestuur. Na sy vroeë aftrede weens swak gesondheid het hy hom heelhartig aan sy skilderwerk gewy waarmee hy tot sy dood met oorgawe besig was. Hy het oral waar hy gewoon het aan kunsuitstallings deelgeneem en ook sy droom om 'n solo-uitstalling te hou in 2000 in Pretoria vervul.

Ds JHT (Jan) Reyneke (83) van Sunnyside. Verwerf sy BA in 1945. Predikant in die NG Kerk van 1950 tot 1970. Oorlede in Pretoria op 21 April 2004 net voor sy 84ste verjaarsdag.

Mnr JD (Jan) Roux (65) van Villiersdorp. Verwerf sy BSc in 1958 aan die US.

Prof FJ (Fritz) Schuddeboom (90) from Durban, MSc in 1973, head of the Department of Pure and Applied Mathematics from 1962 until 1979.

He also lectured at the University of Cape Town. After his retirement he continued lecturing and only went on full-time retirement in 2000.

Mnr Boetman Smit (86) van die Strand, koshuisvader van Hombré op Stellenbosch in die 1960's en ere-president van die Private Studente-Organisasie op Stellenbosch. Bekende in Bolandse bank- en sport-kringe met sowat 40 jaar in diens van Volkskas en later Absa. Hy was bankbestuurder op onder meer Moorreesburg, Stellenbosch, Porterville, Harrismith en in Oos-Londen.

Mev RDJ (Roux) Smit (née du Pisani) (102) van Welkom. Oudinwoner van Crozierhuis. Verwerf haar Onderwysdiploma aan die Victoria College in 1920-1922. Begin haar onderwysloopbaan op Douglas en vandaar na die Laerskool Burgersdorp. Tree in die huwelik met 'n plaasboer, waar sy vir meer as 60 jaar boervrou was en 'n belangrike rol in die gemeenskap gespeel het. Sy is in Welkom by haar dogter (Matiestudent Trinette Smit 1956-1959), oorlede.

Mnr MT (Twakkies) Steyn (84) van Sun Valley. Oudinwoner van Dagbreek. BA Tale, BA LO en Remediërende Onderwys. Was Bofbalkaptein 1944 en het ook aktief deelgeneem aan rugby en tennis. Met sy aftrede was hy hoof van die Instituut vir Meisies, Durbanville.

Mnr SJ (Simon) Streicher (82) van Swellendam; B.Comm in 1942. Daarna klerkskap by Theron van der Poel en Kie van Kaapstad en Paarl. Bekende boer; effekthebberskenner en familienavorser.

Dr GJJ (Gert) Swart (68) van Oudtshoorn. Voltooi sy Dip. in Klin. Rem. Onderwys in 1997; B.Ed in 1982; M.Ed in 1985 en D.Ed in 1991.

Mnr W (Willem) Theron, (90) van Hartenbos; studeer BSc en Onderwys en oudinwoner van Dagbreek. Hy tree af as Direkteur van Onderwys van Administrasie van Kleurlingsake (soos dit toe bekend gestaan het). Hy was ook skoolhoof op verskeie plekke, oa Colesberg en Keimoes.

Prof D (Dave) Tromp (61); DComm in 1980 aan die US, voormalige direkteur van die US Bestuurskool (USB) in Bellville en afgetrede voorsitter van die Departement Bedryfsielkunde. Prof Tromp was vroeër verbonde aan Sasol, die destydse Stellenbosch Boerewynmakery en vanaf 1977 dosent in menslike hulpbronnebestuur by die USB, waar hy tot Junie 1997 die direkteur was en daarna nog drie jaar as voorsitter van die Departement Bedryfsielkunde. Hy het op baie terreine 'n navolgenswaardige voorbeeld gestel, onder meer as uitstaande en internasionaal gerespekteerde akademikus; as leier en voortreflike bestuurder (by die USB waar hy die basis vir internasionalisering vestig het en daarna as voorsitter van Bedryfsielkunde); en as entrepreneur van faam, met die waagmoed om op die hoogtepunt van sy loopbaan die sakewêreld as onafhanklike entrepreneur te betree en 'n reusesukses daarvan te maak. Ook as gesinsmens het hy sy vrou, Glodi, hul dogter en seun (asook skoonseun wat vroeg oorlede is) se ondernemings heelhartig ondersteun.

Mev G (Gerda) van der Wat (47) van Mafikeng. Sy het beide aan die Worcester-ondewyskollege en die US studeer.

Dr AR (Ovidius) van Eeden van Stilbaai. Verwerf 'n BSc-graad met hoofvakke Geologie en Chemie in 1929 en daarna 'n DSc In 1941.

Mnr DE (Sonkie) van Niekerk (75) van Gordonsbaai; BA (1948) aan die US. Hy het tot 1954 in die Staatsdienskommissie in Pretoria gewerk en daarna op sy familie se plaas by Hogsback in die Cathcart-distrik geboer voordat hy in Januarie 1964 by die Universiteit aangestel is. Hy het in 1990 as assistentregistrator en hoof van die Afdeling Kursusse afgetree. In 1994 het hy en sy vrou, Marita, wat 'n dosent in rekeningkunde aan die US was, Pretoria toe verhuis waar sy 'n professoraat aan die UP aanvaar het.

Mev MH (Maria) van Niekerk (70), van Stellenbosch, oudpersoneellid van die Universiteitsbiblioteek en vrou van prof Herman van Niekerk, 'n oudsielkundedosent. Sy word onthou as 'n harde werker en 'n saggeaarde mens met 'n goeie humorsin.

Prof TGD (Theuns) van Schalkwyk (83) van Nuweland. Oudinwoner van Dagbreek. Verwerf sy BSc In 1941 en sy MSc In 1943. Hy was verbonde aan die Universiteit van Rhodes en Kaapstad. Hy is in 1960 aangestel as die eerste Professor in Fisika aan die nuutgestigte Universiteit van Wes-Kaapland en daar klas gegee tot en met sy aftrede in 1985.

Mnr MJ (Tien) van Tonder (83) van Stellenbosch. Oudinwoner van Dagbreek. Verwerf sy BSc in 1950 en sy SOD in 1954. Hy is 'n Oudmatie wat in die sestigerjare as tegniese beampste aan die Universiteit verbonde was, onder meer aan die departemente Biochemie, Chemie en Fisiologie, waarna hy tot die chemiese bedryf toetree het.

Mnr JJ (Jurie) van Zyl (77) van Westville, Durban. Was 'n inwoner van Dagbreek gedurende die tydperk vanaf 1944-46 en aan Huis Marais vanaf 1947-48. Verwerf sy BSc in 1947 en sy BSc Ing in 1948.

Dr WA (Willem) van Zyl (54) van Odendaalsrus. Voltooi sy B.Sc in 1975 en sy B.ChD in 1981.

Mnr NJJ (Nicolaas) Visser (43) van Heidelberg. Hy verwerf sy BA-graad in 1983 en sy M.S en S. in 1985 aan die US.

Dr M (Magda) Way (née Olivier) van Nieu-Seeland. Oudinwoner van Heemstede en Huis de Villiers. Behaal doktorsgraad in die Wysbegeerte oor Kaapse Bergmeubels 1952 tot 1830 in Maart 1990. Voor haar verhuising na Nieu-Seeland was sy Assistentdirekteur van die Suid-Afrikaanse Kultuurhistoriese Museum in Kaapstad (Iziko Museums).

die laaste sê



Ek maak 'n punt daarvan om te lees wat die redakteurs van tydskrifte te vertelle het. Langs 'n mooi gestilleerde (en soms gedokterde) foto vertel hy of sy dan vir ons wat mens alles te wagte kan wees in die betrokke uitgawe: hoe om jou eie doen-dit-self geskenke te maak of daai kerspoeding wat net soos ouma s'n smaak; tien maklike stappe tot 'n gelukkiger jy; kry daai bevordering wat jy verdien; hoe om beter oogskadu aan te sit of hoe om van die Kersfees-vetrolletjies ontslae te raak.

Matieland is nie daai tipe tydskrif nie.

En daarom is daar in hierdie uitgawe 'n bietjie meer gewaag. Ons is bietjie eerliker en 'n bietjie meer reguit. Die rede hiervoor is dat jy nie *Matieland* hoef te koop nie – hy kom gratis. Maar dis nie al rede hoekom ons eerliker is nie. Dit gaan daaroor dat jy die Universiteit van Stellenbosch is. *Part and parcel*. Daarom hoef ons nie net mooi broodjies te bak nie.

Ja, ons kan stry oor eregrade, die taal- en koshuisplasingbeleid, en dit is goed dat ons hieroor debatteer, maak nie saak watter kant toe nie. *Solank ons net aanhou praat*. Solank as wat Oudmaties nog omgee, selfs besorg is, is dit 'n goeie teken. Maar as die dag moet kom dat Oudmaties ophou praat...

Maar ek wil een stap verder gaan, maar daarvoor moet ek eers vertel van 'n insident 'n jaar of twee gelede:

My span speel in 'n Super 12-eindstryd teen 'n span van Nieu-Seeland. Ons is 'n lekker klompie vriende bymekaar en ons skree saam – selfs al is dit tegnies nie my vriende se span nie – maar dis darem 'n Suid-Afrikaanse span! Voor die wedstryd lê almal 'n eiertjie – *Ons* moet net wyd speel vandag... As *ons* maar net voorlans kan intimideer... As so-en-so net nie al *ons* balbesit wegskep nie... Maar hoe langer die *game* aangaan hoe minder is daar van die *ons* in die gesprek – want toe my span wraggies te ver agter is om die wedstryd te wen – toe is dit weer *my*span en moet ek hoor: "Nee, *jou* span gaan dit nie meer maak nie..."

Oudmaties dra graag 'n Matiedas Vrydae werk toe of sing "Langs Coetzenburg vloei 'n waterstroom" as hulle regtig jolig begin raak. Jy kry 'n glinstering in jou oë oor die goeie ou dae, oor herre, wyntoere en vlotbou, swot in die Bib, prof Sampie se klasse... Maar as dinge begin moeilik raak, wanneer Oudmaties iets negatiefs in die koerant lees, dan is dit weer *hulle* en nie *ons* nie.

Waar is die briewe van ondersteuning vir dit wat wel reggedoen word? En dis my punt: sê as iets jou pla, maar basuin tog ook jou tevredenheid uit!

In hierdie verband lees ek nou die dag 'n aanhaling wat my nogal laat dink het: *We blame fate for everything that goes wrong in our lives, but take sole responsibility for hitting a hole in one on a golf course...*

En daarom wil ek Oudmaties aanmoedig om een met die Universiteit te wees as dit moeilik gaan. Om as jy die dag onder skoot kom oor jou alma mater of wanneer iemand vir jou sê 'Maar wat gaan aan op daai plek waar jy geswot het?' – dan is dit juis die tyd om te praat van *ons*!

Probeer ek sê dit gaan sleg by Maties? Nee glad nie, intendeel, daar is baie om oor opgewonde te raak. Dis immers een van die beste universiteite en ons sal een van die bestes bly – wêreldwyd. Daarvan kan jy genoeg getuienis in hierdie uitgawe kry.

Maar is daar kontroversiële sake op die tafel? Ja. Staan die Universiteit voor groot uitdagings? Ja. Verskil die hoër onderwys drasties van selfs 'n paar jaar gelede? Ja. Moet ons erken dat die Universiteit in die verlede onregmatig bevoordeel is? Ook ja. Kan die Universiteit dieselfde bly as 'n paar jaar gelede? Nee. Dis net prakties glad nie moontlik nie. Dáárom moet ons aanpas, maar met een doel voor oë – uitnemendheid. Dis die einddoel. Dan beteken die graad op jou muur nog iets.

Om 'n Universiteit te wees, bly in 'n sekere sin 'n uitdaging! Dit moet op die voerpunt bly van die nuutste navorsing, die beste sportspanne oplewer, briljante professionele mense lewer, die nuutste tegnologieë bekendstel, kreatief selfonderhoudend word – maar moet dan toegelaat word om uit te daag en om te bevraagteken. Hy moet altyd soekend wees na meer antwoorde en meer oplossings – dan is hy Universiteit, dan is hy *jou* Universiteit.

Soos wat alle besighede hulself elke nou en dan moet "re-invent" of "re-engineer", en soos wat jy elke paar jaar 'n nuwe kar wil ry, opgradeer na 'n nuwe selfoon, 'n nuwe werk met nuwe uitdagings wil hê, nuwe klere wil koop, nuwe bestemmings wil ontdek, moet die Universiteit ook aanpas en homself herposisioneer – en daarin kan Oudmaties 'n groot rol speel!

En dit bring my weer by rugby uit. Hoekom is die Blou Bulle so goed? (Let wel, ek is nie 'n Bloubul ondersteuner nie!) Hoekom sê die spelers in onderhoude hulle sal vir mekaar sterf op die veld? Hoekom is hulle die Curriebekerkampioen al spog hulle nie naasteby met die meeste Springbokke nie? Persoonlik dink ek daar's twee redes: 1. Omdat daar *gees* is en, 2. omdat daar 'n fanatiese skare op Loftus sit. Omdat die Bloubulle nie 15 spelers het nie, maar honderde duisende – al is dit net om 'n pet met twee blou horings op te dra langs die braaivleisvuur. Dis hoekom!

En dis waar ons wil wees. Maties is nie die wit geboue rondom Victoriastraat nie. Dis jy en ek. Dis Maties.

As iemand dit nog nie vir jou gesê het nie, sê ek dit nou: *Matieland* het jou nodig! En as jy van die Universiteit praat, praat van *ons*. Dra die soet en die suur saam met ons. Word 'n donateur. Word 'n mentor. Woon 'n konvokasievergadering by en verdien jou stem.

Jy is *Matieland*!

Martin Viljoen
Redakteur (waarnemend)

Skrif gerus aan die redakteur by *Die Redakteur: Matieland, Bemaking en Kommunikasie, Universiteit Stellenbosch, Privaatsak X1, Matieland, 7602, e-pos media@sun.ac.za of faks (021) 808 3800*